Die
MALAN-GEDENKBOEK

6 Oktober 1951

„Salig is die wat vervolg word
ter wille van die geregtigheid,
want aan hulle behoort die
koninkryk van die
hemele"

Matt. 5: 10.

Die

Malan - Gedenkboek

Uitgegee deur die

MALANDAG-KOMITEE

gestig op 15 September 1951 onder voorsitterskap van

PROF. DR. A. I. MALAN, L.V.,

en onder beskerming van

DR. DIE ED. D. F. MALAN,

Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika,

by die geleentheid van die

MALAN-SAAMTREKKE

wat op


6 OKTOBER 1951

deur die hele Suid-Afrika plaasvind

Opgestel deur

JACQUES MALAN

Die Beskermheer van die Malandag-Komitee



DANIEL FRANCOIS MALAN, D.D., *Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake van die Unie van Suid-Afrika.*

Inhoud

DEEL I

'n Voorwoord deur senator komdt. die Ed. Agb. C. A. van Niekerk, D.T.D., President van die Senaat van die Unie-Parlement 7

Die Malandag-Komitee 9

Die Bolandse Komitee 11

Die Upingtonse Komitee 12

Die Program van die Verrigtinge 13

„Deus Arx Mea"—die Malan-lied, gekomponeer deur Caesar Malan met woorde deur Essie Malan 14

Boodskappe van oorsese Malans 15

„Deus Arx Mea"—toespraak deur dr. die Ed. D. F. Malan, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika en beskermheer van die Malandag-Komitee, by geleentheid van die Hoofsaamtrek van Malans by die Hugenote-Monument op Franschhoek, Saterdag 6 Oktober 1951 23

DEEL II

Die geskiedenis van die Malan-familie en ander wetenswaardighede 31

Inleiding 32

HOOFSTUK I. *Die van Malan: sy oorsprong en betekenis* 34

„ II. *Die bakermat van die Malans en die vervolging van die familie deur die Rooms-Katolieke tot* 1690 35

„ III. *Die verspreiding van die Malans oor Europa en na ander dele van die Westerse Wêreld* 40

„ IV. *Die stamvader van die Suid-Afrikaanse Malans en sy kinders* 45

„ V. *Die verspreiding van die Malans oor gans Suid-Afrika* ... 51

„ VI. *Bekende en beroemde Malans in Suid-Afrika en interessante besonderhede oor die familie* 59

„ VII. *Die familiewapen en -seël* 86

Slotwoord 88

Dankbetuiging 89

Register en bylae 93

Geslagregister vir die nageslag 114

Voorwoord

DIT is vir my 'n groot voorreg en eer om 'n voorwoord te skrywe by die verskyning van die Malan-Gedenkboek. Die lofwaardige gedagte om die heldedade en opofferinge wat deur die Hugenote-voorgeslagte gedoen is, aan die vergetelheid te ontruk, verdien die dank van die hele Suid-Afrikaanse volk.


Dit was my 'n voorreg om vir meer as 'n halwe eeu in noue voeling te wees met 'n groot aantal Malan-families, en opvallend was dit dat hulle bekend was vir hul diepe godsdienssin en innige vroomheid, onselfsugtige naasteliefde en onwankelbare geloofsoortuiging, daarby 'n sterk verantwoordelikheidsgevoel, stiptelikheid en 'n egte Afrikaanse huislikheid en gasvryheid.

In die loop van die 263 jaar, sedert die Malan-familie in S.A. voet aan wal gesit het, het die Malans 'n baie groot aandeel gehad in die bou van 'n Afrikaanse nasie, die Kerk, die Regswese, die wetgewing, die regering, die handel en nywerheid, die wynbou en landbou, die joernalistiek en landsverdediging, en haas op elk ander gebied, het die Malan-familie 'n hoogs eervolle rol gespeel. Hul nasietrou, nasietrots, nasiebou en nasie-opoffering is 'n onskatbare nalatenskap waarop die nageslag met reg trots kan wees.

Ek spreek die vurige hoop en vertroue uit dat die kort historiese oorsig van naamlose lyding, onbeskryflike smarte, ondenkbare martelaarskap, grootskaalse vermoording, verjaging uit die vaderland, vernedering tot die bedelaarstaf en die poging tot totale uitdelging van die adel van die Hugenote, alles sal bydra om die volk van S.A. wakker te skud tot trou aan die Protestantisme en die Kerk van hul vadere en die getroue Verbonds-God van Hugenoot en Watergeus.

Hulde aan die opstellers van die Gedenkboek vir die edel en waardevolle werk vir die nageslag, in die besonder aan die Hoogedele, dr. D. F. Malan, Eerste Minister van die Unie, wat vir die laaste halfeeu 'n roemryke aandeel gehad het in die bou en herbou van 'n Afrikaanse nasie. Mag die nasate van Jacques Malan en Isabeau le Long trou bly aan die sinspreuk van die Malan-familie.

25 *Julie* 1951.



PRESIDENT van die SENAAT.



Agter v.l.n.r.: MNR. JACQUES MALAN (*Sekretaris*), MNR. D. G. MALAN (*Propaganda-sekretaris*), MNR. *en* MEV. D. J. MALAN, DR. *en* MEV. H. J. MALAN, MNR. F. S. MALAN, MEV. *en* MNR. S. A. MALAN.
Voor v.l.n.r.: MNR. *en* MEV. D. C. MALAN, PROF. *en* MEV. A. I. MALAN, MNR. *en* MEV. P. C. MALAN.
Inlas v.l.n.r.: MEV. D. G. MALAN, MNR. *en* MEV. NIEL MALAN.

Die Malandag-komitee

WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE GEDENKBOEK, DIE PROGRAM EN DIE ORGANISEER VAN AL DIE MALAN-SAAMTREKKE IN SUID-AFRIKA, IN BESONDER DIE SAAMTREK TE PRETORIA:

VOORSITTER: Prof. dr. A. I. Malan, L.V.

SEKRETARIS: Jacques Malan, Privaatsekretaris van Sy Edele, die Minister van Naturellesake.

PROPAGANDA-SEKRETARIS:

Mnr. D. G. Malan, Nuusredakteur, *Die Transvaler*, Johannesburg.

BUITELANDSE VERTEENWOORDIGERS:

Mnr. Jacques Malan, sakeman van Worcester, en sy gade.

LEDE:

Mnr. D. C. Malan, boer en sakeman van Pretoria.

Mnr. Niel Malan, bestuurder van Skeepvaart en Hawens vir die Unie van Suid-Afrika.

Mnr. P. C. Malan, hoofinspekteur, Departement van Lande, Pretoria.

Mnr. D. J. Malan, prokureur te Johannesburg.

Mnr. F. S. Malan, ingenieur by YSKOR, Pretoria.

Mnr. S. A. Malan, ingenieur by ESCOM, Johannesburg.

Dr. H. J. Malan, Oor-, Neus- en Keelarts, Pretoria.

en hul gades.



Agter v.l.n.r.: MNR. JACQUES MALAN, MNR. W. C. MALAN (*Salomonsvlei*), MNR. F. J. MALAN, MNR. H. J. MALAN, MNR. J. F. MALAN, MNR. W. C. MALAN, MNR. J. G. MALAN (*Sekretaris*).
Voor v.l.n.r.: MEV. *en* MNR. GEO. MALAN, MEV. ESSIE BARNARD *geb.* MALAN, DR. W. DE VOS MALAN (*Voorsitter*), MEV. DS. P. J. LOOTS *geb.* MALAN, MNR. P. A. MALAN, MNR. D. MALAN.
Inlas v.l.n.r.: DS. F. J. B. MALAN *en* MNR. D. D. MALAN.

Die Bolandse Komitee


WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE HOOFSAAMTREK BY DIE HUGENOTE-MONUMENT TE FRANSCHHOEK:

VOORSITTER: Dr. Wouter de Vos Malan, Superintendent-generaal van onderwys, Kaap die Goeie Hoop.

SEKRETARIS: J. G. Malan, skoolhoof, Hoërskool Voortrekker, Wynberg.

LEDE:

Mnr. D. D. Malan, dosent, Opleidingskollege, Wellington.
Mnr. D. Malan, boer, Wellington.
Mnr. J. F. Malan, boer, Wellington.
Mnr. W. C. Malan, boer, Salomonsvlei.
Mev. (ds.) P. J. Loots, Noorder-Paarl.
Mnr. W. C. Malan, boer, Wemmershoek.
Mnr. Jacques Malan, stadsingenieur, Stellenbosch.
Mnr. H. J. Malan, boer, Stellenbosch.
Mnr. P. A. Malan, prokureur, Worcester.
Mnr. Geo. Malan, oud-magistraat, Somerset-Wes.
Mev. Geo. Malan.
Ds. F. J. B. Malan, Predikant, Bredasdorp.
Mev. Essie Barnard.
Mnr. F. J. Malan, sakeman, Wellington.



MNR. STEPHANUS MALAN. *Afgetrede Prokureur — Voorsitter van die Upingtonse Komitee.*

Die Upingtonse Komitee

WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE SAAMTREK IN NOORDWES-KAAPLAND:

VOORSITTER:	MNR. S. MALAN, oud-prokureur, Upington.
SEKRETARIS:	MNR. S. MALAN, prokureur, Upington.
LEDE:	MNR. J. A. MALAN, boer, Keimoes.
	MNR. R. J. MALAN, klerk, Keimoes.
	MNR. G. F. MALAN, sakeman, Kakamas.
	MNR. J. A. MALAN, boer, Karos.
	MNR. H. J. MALAN, boer, Kenhardt.
	MEV. L. LIEBENBERG, Karasburg.

Die Program

HIERDIE program word op alle Malan-saamtrekke deur die hele Suid-Afrika gevolg ten einde die eenheid van die familie te beklemtoon en om sorg te dra dat alle Malans op 6 Oktober 1951 in die gees saamgesnoer sal wees.

Toevoegings tot die program om luister aan die feestelikhede te verleen, berus by die plaaslike komitees en hang van die plaaslike omstandighede van elke saamtrek af, en word dus nie hier verstrek nie. Volledige programme van die verrigtinge van elke saamtrek sal verkrygbaar wees.

Op elke saamtrek sal Malan-predikante die godsdienstige sy van die program behartig. Dr. D. F. Malan se toespraak, wat op Franschhoek deur homself gelewer sal word, sal op al die ander saamtrekke voorgelees word. Alle deelnemers aan die program is Malans.

SATERDAG 6 OKTOBER 1951

Tot 11 vm. kan die familie kennis maak en gesellig verkeer. Die verrigtinge begin stiptelik om 11 vm.

1. Opening met gesamentlike sang: Psalm 68 : 1 en 13.
2. Gebed.
3. Welkomswoord: Voorsitter van die Komitee.
4. Skriflesing: Psalm 28.
5. Gesamentlike sang: Psalm 118 : 1 en 12.
6. Vertelling uit die Malan-Gedenkboek.

POUSE
(vir ete en gesellige samesyn)

2.15 nm.
7. Deus Arx Mea—Hoofrede deur dr. die Ed. D. F. Malan.
8. Boodskappe uit Frankryk, Italië, Engeland en die V.S.A. Ook 'n boodskap uit Oos-Afrika.
9. Slotsang: Psalm 138 : 1 en 4.
10. Slotgebed.

Die Malan-lied

„DEUS ARX MEA"

Gekomponeer deur Caesar Malan van Genéve, Switserland.

Woorde deur Essie Malan.

Musiek: Lied XVIII uit „De Harpe Sions," soos Lied 20 „Gedenk," F.A.K.-Sangbundel.

O Here God, die Burg van voorgeslagte,
Wees ook vir ons 'n Toevlug dag en nag.
Toon self aan ons die grootheid van U mag
Wat stand sal hou deur verre nageslagte.

Ons vadere se hoop is nie beskaam nie,
Ook in hul nuwe suider-vaderland.
Hier reik hul kinders nou mekaar die hand:
Geen oneer mag ons bring op hulle naam nie.

Die toekoms laat ons rustig in U hande.
In wel en weë is U ons vaste Burg.
Hou ons getrou, opreg in hart en murg.
Snoer ons tesaam—geloof, plig, diens ons bande.

'n Boodskap van die Malans in Oos-Afrika

NA die Tweede Vryheidsoorlog toe die twee Boere-republieke hul onafhanklikheid verloor het, was daar verskeie individue en selfs groepe Afrikaners, onder wie daar ook Malans was, wat liewer die land verlaat het as om onder Britse heerskappy te staan.

Die Malans wat al byna 44 jaar in Oos-Afrika is, het deur middel van dr. Willem du Toit Malan, broerskind van genl. Wynand Malan, die volgende boodskap gestuur:—

„My liewe broers en susters,

„As Voortrekkers in hierdie deel van Afrika bring ons hulde aan u. Ons deel in die gees saam met u in hierdie heuglike gebeurtenis in ons familie se geskiedenis. Ons is trots op u en trots op ons afstamming. Ons stryd hier was 'n opdraende stryd, maar ons het koers gehou.

„Gods rykste seën word u toegebid. Die lyding en vervolging van die Hugenote en dus ook van die Malans, het daardie onwrikbare wil gesterk om te bly voortbestaan en om vry te wees. Dis die vrugte wat u en ons vandag daarvan inoes. Daardie stryd was moontlik en sy sukses verseker omdat God ons Vesting was. Mag hierdie familie-leuse vir ons en ons nageslagte altyd bly voortbestaan: DEUS ARX MEA."

Namens genl. Wynand Malan,

W. du T. Malan.

Ses van die Utah-Malans



Ses van BARTHOLOMEW MALAN *se sestien kinders. Hulle oupa, Jean Daniel, het hom in 1855 in Ogden, Utah, gevestig.*

Boodskap van die Amerikaanse Malans

DIE stamvader van die Amerikaanse Malans was Jean Daniel Malan, gebore 20 November 1804 in Piedmont, Italië. Hy is in 1855 na Noord-Amerika en het hom by Ogden in Utah gevestig.

Sy nasate stuur die volgende welwillendheidsboodskap:—

July 30, 1951.

To the families of "Malan" in South Africa,

Greeting:

We decendants of the Godfearing, venerable and loveable John Daniel Malan are proud of our heritage. Our background is pure Christian believers—followers of the Lord and Savior Jesus Christ. We are deeply interested in all decendants of "Malan" and look forward to the time when genealogical information we furnish will be joined with your genealogical records and be available to us.

We are deeply interested in your large group and pray your reunion in October will be very successful and that the Spirit of the Lord shall guide your leadership.

We appreciate your invitation to join with you on this occasion and regret our inability to send a representative. We believe a personal acquaintance would prove a mutual benefit.

With kind and sincere regards,

ALEXIS B. MALAN. N. OSCAR MALAN.
ERNEST F. MALAN. PARLEY Q. MALAN.
GIDEON H. MALAN. MAJOR KENNETT H. MALAN.
LAWRENCE M. MALAN.

AAN die Malan-familie in Suid-Afrika, 30 *Julie* 1951.

Groete:

Ons, afstammelinge van die Godvresende, geagte en beminlike Jean Daniel Malan, is trots op ons afkoms. Ons agtergrond is dié van suiwer, Christelike gelowiges—volgelinge van ons Heer en Meester, Jesus Christus. Ons is opreg geïnteresseerd in alle Malan-afstammelinge en sien uit na die tyd wanneer die genealogiese inligting wat ons besit, aangevul kan word deur u geslagregisters en vir ons beskikbaar gemaak kan word.

Ons stel opreg belang in die baie van u en ons bede is dat u re-unie in Oktober baie geslaagd sal wees en dat die Gees van God u sal bybly in u leierskap.

Ons waardeer u uitnodiging om u Saamtrek by te woon maar tot ons innige spyt kan ons geen afgevaardigde stuur nie. Ons glo egter dat 'n persoonlike ontmoeting tot wedersydse voordeel sou gewees het.

Met ons beste en opregte groete,

ALEXIS B. MALAN. N. OSCAR MALAN.
ERNEST F. MALAN. PARLEY Q. MALAN.
GIDEON H. MALAN. MAJOOR KENNETT H. MALAN.
LAWRENCE M. MALAN.

Boodskap van die Engelse Malans

PIERRE MALAN, gebore 1692 te Mérindol, broerskind van ons stamvader, Jacques, het na Switserland gevlug en in 1714 in Genéve aangekom. Sy nasate het hoofsaaklik versprei na Rusland en Engeland, en ons Engelse naamgenote, deur middel van advokaat Francis Malan, van Ludlow, stuur die volgende boodskap van welwillendheid:—

For and on behalf of the Malan de Mérindol resident in Great Britain, I the undersigned Francis Malan, of Ludlow, Shropshire, England, grandson of Solomon Caesar Malan, and great-grandson of Cesar Malan, send our greetings and a message of goodwill to all our kinsmen in South Africa, and also best wishes for the success of the holding of Malan day, and it is much regretted that none of us is able to attend.

I have in my possession the original Gratulatory Address, sent to us by the Malans of South Africa in March 1887, *signed by many of the family and containing a table comprising the names of* 757 *members of the family. It is greatly valued.*

In these days of stress it is to be much appreciated that the family hold together. I will conclude with a Sixteenth Century prayer with which probably some of you are acquainted:—

> *O Lord support us all the day long of this troubleous life, until the shades lengthen and the evening comes and the busy world is hushed, the fever of life is over and our work is done—Then Lord in Thy mercy grant us safe lodging, a holy rest and peace at the last.*

25/7/1951. Francis Malan

Namens die Malans de Mérindol in Engeland woonagtig, het ek, die ondergetekende, Francis Malan, van Ludlow, Shropshire, Engeland, en kleinseun van Solomon Caesar Malan, en agterkleinseun van Cesar Malan, die voorreg om groete en 'n welwillendheidsboodskap oor te bring aan al ons naamgenote in Suid-Afrika. Ons wens u ook alle sukses toe met die Malandag wat u wil hou.

Dit spyt ons dat nie een van ons die feesverrigtings sal kan bywoon nie.

In my besit het ek nog die oorspronklike gelukwensingsboodskap wat in Maart 1887 *deur die Malans van Suid-Afrika aan ons gestuur is. Dit is onderteken deur baie lede van die familie en dit bevat ook 'n naamlys van* 757 *familielede. Ons heg daar baie waarde aan.*

In hierdie dae van spanning is dit prysenswaardig dat die familie saamstaan. Ek sluit af met 'n Gebed uit die Sestiende Eeu wat moontlik aan sommige van u bekend is:—

> *O God, bewaar ons hierdie lange lewensdag totdat die skaduwees rek, en die awend daal en hierdie gejaagde wêreld stil word; totdat die lewenskoors verby is en ons taak volbring is. Dan O God, bewaar ons veilig in U genade; skenk ons 'n heilige rus en vrede aan die einde.*

25/7/1951. FRANCIS MALAN.

Boodskap van die Franse Malans



DR. PAUL MALAN *van Frankryk. Internasionale Regsgeleerde. Doktor in die Regte (Parys). Magister in Teologie (New York).*

DIE eerste tak van die familie afkomstig uit Italië, het hom ongeveer in die jaar 1112 in die suide van Frankryk gevestig. Die Malans sal dus aanstaande jaar byna 900 jaar in Frankryk woonagtig wees. Vandag is die naam dáár nog welbekend, en dr. Paul Malan, internasionale regsgeleerde uit Parys, wat ook sy meestersgraad in Teologie in New York, V.S.A. verwerf het, het spesiaal uit Frankryk vir die Malan-saamtrek na Franschhoek gekom en bring die volgende boodskap oor:—

J'envoie aux descendants en Afrique du Sud de notre vieille famille huguenote un message cordial et affectueux espérant que cette cérémonie apportera, avec le souvenir de jours difficiles mais glorieux, le resserrement de liens que le temps ni l'espace n'ont pu briser.

Par notre unité spirituelle nous nous devons à nousmêmes d'être aujourd'hui des messagers de paix dans un monde où le manque de compréhension conduit si aisément à l'amertume et à la haine.

Puisse cette réunion fortifier notre espoir en un monde plus fraternel.

Aan die afstammelinge van ons al-oue Hugenote-familie in Suid-Afrika stuur ek 'n hartelike en minsame boodskap. Ek hoop dat hierdie gedenkwaardige plegtigheid, waar dit in herinnering roep die moeitevolle dog glorieryke dae, die bande wat nòg tyd nòg afstand in staat was om te verbreek, nouer en nouer sal aanhaal.

Deur ons geestelike eenheid is ons dit aan onsself verskuldig om vandag op te tree as die Boodskappers van Vrede in 'n wêreld waarin die groot gebrek aan wedersydse begrip en waardering tot bitterheid en haat lei.

Mag hierdie re-unie ons hoop op 'n meer broederlike wêreld grootliks versterk!

Boodskap van die Italiaanse Malans

DIE van Malan het sy oorsprong in Noordwes-Italië gehad. Dit was 'n skeldnaam vir die oorspronklike Christene en het beteken „die melaatses." Mettertyd is die naam Malan egter aangeneem as 'n erenaam en in die loop van 1200 jaar het dié familie-naam oor die hele Westerse Wêreld versprei en beroemd geword.

Soos Wellington in Kaapland sedert die vroegste jare bekend is as dié deel van Suid-Afrika waar die meeste Malans aangetref word, is daar vandag nog plekke in Italië waar die mense sê: „Hier sal jy altyd drie dinge kry: ploeë in die wingerde, siekte onder die mense—en Malans!"

Hulle boodskap aan ons lui as volg:—

Al Comitato MALAN del Sud Africa:

Sono convinto di interpretare i sentimenti di tutti coloro che portano il nome Malan ed abitano nelle Valli Valdesi e nel territorio italiano augurando ai Malan del Sud Africa un buon successo per la prossima riunione famigliare e ad ognuno per le sue attività.

I Malan si sono sparsi per tutto il mondo. Essi non sono i presi uno per uno nè migliori nè peggiori degli altri uomini, ma portano con la loro storia una grande responsabilità. Molti hanno viaggiato per trovare il pane, per trovare la pace, per trovare il luogo ove esprimere liberamente le loro credenze e vivere secondo esse. Altri sono rimasti nei luoghi d'origine resistendo a chi voleva impedire loro di esercitare questi diritti.

Il mio augurio più profondo è che noi discendenti sappiamo essere all'altezza dei nostri antenati, che ci hanno dato una delle più grandi lezioni di lotta per la libertà, di fedeltà, di fratellanza in spirito di giustizia e di tolleranza.

In questa tormentata Europa Occidentale, dove questi valori sono ancora sentiti, in queste Valli Valdesi, ai piedi delle grandi Alpi, dove probabilmente tutte le nostre famiglie hanno da un millennio il ceppo comune, spero che si possa tenere nel prossimo futuro una riunione di tutti i Malan del mondo.

Pontus Malan

Torino, 20 *luglio* 1951.

VERTALING VAN ITALIAANSE BOODSKAP

Aan die Malandag-komitee in Suid-Afrika:

Die Malans wat in die Waldensiese Valleie en in die Italiaanse gebied woon, het my opgedra om die Malans van Suid-Afrika luisterryke welslae toe te wens met die naderende familiefees. Ons wens elke Malan in die Unie voorspoed toe.

Die Malans het oor die hele wêreld versprei. Indiwidueel is hulle nie beter of slegter as ander mense nie, maar hul verlede lê hulle sware verantwoordelikhede op. Baie Malans het uitgewyk en weggetrek om 'n broodwinning te soek . . . om rus en vrede te vind. Hulle het gesoek na gebiede waar hulle vryelik hul oortuiginge kon uitspreek en daarvolgens kon lewe. Ander Malans het weer in die oorspronklike gebied bly woon, en hulle verset teen wie ook al hulle wou verhinder om daardie regte te beoefen.

My vurigste wens is dat ons, die afstammelinge, moet onthou om die ideale van ons voorouers te bly handhaaf.

Hulle het aan ons een van die grootste lesse geleer: die stryd om vryheid, trou en boederskap, in 'n gees van geregtigheid en verdraagsaamheid!

In hierdie gefolterde Wes-Europa, waar daardie waardes nog aangevoel word; in hierdie Waldensiese Valleie, aan die voet van die magtige Alpe, waar al ons families waarskynlik sedert 'n duisend jaar gelede, hul gemeenskaplike wortel het, hoop ek dat dit moontlik sal wees om in die nabye toekoms 'n re-unie van al die Malans van die wêreld te hou.

DR. GUSTAVO MALAN.

Turyn, 20 *Julie* 1951.

„DEUS ARX MEA"

. . . toespraak deur dr. die Ed. D. F. Malan, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, en beskermheer van die Malandag-komitee, by geleentheid van die Hoofsaamtrek van Malans by die Hugenote-Monument op Franschhoek, Saterdag 6 Oktober 1951.

FAMILIELEDE, broers en susters,

Dis 'n unieke geleentheid wat ons vandag hier bymekaar bring. Dis ongeveer 263 jaar gelede dat die Hugenoot, Jacques Malan, wegvlugtende van vervolging en moordtoneel, sy voet op Tafelbaai se strand gesit het. En dis nou die eerste keer dat sy talryke en wydverspreide afstammelinge in Suid-Afrika hulle lang gekoesterde begeerte vervul sien om bymekaar te kom, en wel in die historiese Franschhoek-vallei, digby La Motte, wat die eerste stuk grond was wat hy in sy nuwe vaderland sy eie kon noem, en onder die skaduwee van die indrukwekkende Hugenote-Monument. Hulle is hier nie slegs omdat hulle dieselfde naam dra en dieselfde afstamming deel nie. Dis ook nie slegs weens die lofwaardige begeerte om die gevoel van familie-saamhorigheid te versterk nie. Wat ons vandag hier, sowel as op verskeie ander middelpunte in ons land saambring, is die besef dat ons 'n gemeenskaplike agtergrond het, wat nie in vergetelheid mag raak nie, waarop ons in alle ootmoed en dankbaarheid trots mag wees, en wat in dae van geestelike en sedelike verval, soos ons tans beleef, 'n magtige faktor kan wees, en 'n ryke bron van inspirasie om ons eie lewenskoers reg en standvastig te bepaal.

Die Malans besit 'n familiewapen van hoë ouderdom. Behalwe dat dit in ons eie Suid-Afrikaanse argief gevind word, is dit ook presies net so in die besit van die Switserse tak van die familie, 'n verteenwoordiger waarvan dit ongeveer 48 jaar gelede aan my oorhandig het by geleentheid van 'n toevallige ontmoeting in Genéve op 'n studente-vakansiereis. Dit kan daarom ongetwyfeld as eg aanvaar word. Ek meld dit omdat hierdie familiewapen in simboliese vorm 'n getroue weergawe is van daardie familie-agtergrond waarna ek verwys het, en van die diepere betekenis daarvan. „Sigil Malan de Mérindol" dui die oorspronklike woonplek aan van die Franse tak van die familie. Die bergtoppe op die agtergrond dui aan die Cottiese Alpe, aan die oostekant waarvan die Waldensiese Valleie van Piedmont lê, en aan die westekant waarvan die vallei lê van die Durance, wat sy oorsprong in dieselfde gebergte het, en sy waters uiteindelik in die Rhône stort. In hierdie vallei lê Mérindol, en nie vér daarvandaan nie ook Cabriére, wat deurgaans dieselfde lydensgeskiedenis met Mérindol gedeel het, en die woonplek was van die Hugenoot Jean Jourdan met sy eggenote Isabeau le Long, wat later na sy dood in Suid-Afrika die eggenote geword het van Jacques Malan, en as sodanig die stammoeder van die Malan-familie.

Op die familiewapen dui die jaartal 1250 verder die feit aan dat die Malans van Mérindol oorspronklik Waldensers was, wat in daardie tyd oor die hoë Alpegebergte getrek het en vir hulle 'n nuwe tuiste gevind het in die vrugbare vallei van die Durance. Die mees betekenisvolle en geestelik diepsinnigste aanduiding op die familiewapen is egter die sinspreuk „Deus arx mea," wat beteken „God is my vesting," of, soos Luther dit later in sy bekende lied uitgesing het: „'n Vaste burg is onse God, 'n toevlug vir die Syne." In hierdie drie Latynse woorde lê daar opgesluit 'n hele wêreld van vervolging en lyding, van onwankelbare trou aan gewetens- en geloofsoortuiging, en van onwrikbare Godsvertroue, selfs in die donkerste nag. Dit alles weerspieël getrou die agtergrond van Jacques Malan en van Isabeau le Long met hul nageslag, en laat ons hieraan toevoeg, ook in wese van die talryke afstammelinge van die ander Hugenote wat ook saam met hulle 'n toevlugsoord en 'n nuwe vaderland in Suid-Afrika gevind het.

Die Waldensers of die Vaudois soos hulle in hul eie Franse taal bekend staan, word soms beskryf as „die Hervormers voor die Hervorming." As dit sou aandui dat hulle eers die leer en praktyk van die Roomse Kerk aanvaar het, maar dit later weer verwerp het, dan is die beskrywing onjuis. Die werklikheid is dat in hul hele geskiedenis hulle konstant bly staan het op die oorspronklike grondslae van die Christendom. Hulle was m.a.w. nooit iets anders nie as Bybelse Christene, en as sodanig het hulle regstreeks geskakel aan die Apostels en die gemeentes wat deur hulle of deur hul onmiddellike volgelinge gestig is. Hul weiering om iets anders te wees, was dan ook die oorsaak van die eeue-lange bloedige vervolging, sowel van hulleself in die Valleie van Piedmont, as van hul geloofsgenote aan die ander kant van die Alpe, in die Franse gebiede van Provence en Dauphiné, in die Vallei van die Durance, en in Mérindol en Cabriére. In hul geloofsbelydenis, in hul kerklike organisasie, en in hul kerkdienste verskil hulle nie, en het hulle ook nooit in enige opsig wesenlik verskil van ons Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.

Die Malans het in die vervolginge aan albei kante van die Alpe gedeel. Volgens die Waldensiese professor, Jalla, my jare gelede meegedeel het, was daar omstreeks 1875 nie minder nie as 84 huisgesinne met die naam van Malan in die Waldensiese Valleie van Piedmont. En totdat die eenwording van alle Protestante in Frankryk in 1562 'n voldonge feit geword het, was die Waldensiese geloofsgenote in Suid-Frankryk, insluitende die Malans van Mérindol, dáár nog altyd onder die naam van Waldensers bekend. Daarna eers was hulle bekend as Protestante en Hugenote. Van hierdie laaste het die Malans van Frankryk, Switserland, Suid-Afrika en Engeland afgestam, terwyl dié van Duitsland, Tsjeggo-Slowakye en sekere ander dele van die wêreld, vermoedelik direk afgestam het van Waldensiese vlugtelinge uit Piedmont.

As die jaar 1250 'n juiste aanduiding is van die tyd toe die Waldensiese Malan met sy familie en waarskynlik ook met heelwat ander geloofsgenote die ruwe en met sneeu bedekte bergpasse van die Cottiese Alpe oorgetrek het om hom in die Vallei van die Durance neer te set, dan moes dit ongetwyfeld bloedige vervolging en die sug na geloofsvryheid gewees het wat hom daartoe genoop het. Want reeds in 1208 het die vervolging, gepaard met moord en brandstapel, in Piedmont begin. Die volgende 30 of 40 jaar het dit in hewigheid toegeneem, en het dit daarna in

mindere of meerdere mate deur die hele dertiende eeu voortgeduur. In die vrugbare Vallei van die Durance, wat, tussen hakies gesê, wat betref natuur, klimaat, grondgeaardheid en plantegroei treffend met die Franschhoek- en Bo-Bergriviervallei ooreenkom, het die Malan-familie gevind wat hulle gesoek het—hoewel altyd maar in 'n betreklike mate—vryheid om God volgens sy Woord te dien, veiligheid en welvaart. En dit het so vir ongeveer 280 jaar voortgeduur.

Maar toe het daar gebeurtenisse plaasgevind van diep-ingrypende betekenis, en wat 'n nuwe tydperk ingelui het in die wêreldgeskiedenis, maar wat vir die Waldensiese gemeenskap aan albei kante van die Alpe ook opnuut sou beteken nuwe vervolginge, naamlose lyding, die opneem, ook in letterlike sin, van hul kruis en Christus na te volg, grootskaalse vermoording en martelaarskap, verjaging uit alles wat hul eie was en wat hulle liefgehad het, en, uiteindelik, vir baie van hulle: die verlies ook van hul vaderland. Martin Luther, in Duitsland naamlik, het weer die Bybelse Christendom ontdek, en het die Pous met sy banvloek uitgedaag. Van die aanvang af was dit daarom duidelik dat tussen die Protestante onder leiding van Luther en Calvyn, en die Waldense, daar 'n noue geestelike verwantskap bestaan, wat spoedig tot vriendskaplike kontakte en eenwording moes lei. Sover dit die Waldensers van Suid-Frankryk betref, woonagtig veral in die twee provinsies van Dauphiné en Provence, waarin Mérindol en Cabriére 'n belangrike rol gespeel het, was die loop van gebeurtenisse kortliks as volg:—

Eerstens het hulle omstreeks 1530 en in die aangesig van groot gevaar twee van hul predikante, t.w. Masson en Morel, na Switserland en Duitsland afgevaardig om presies hul verhouding tot die Hervorming en sy leiers vas te stel. Masson is ongelukkig ontdek en as 'n „Lutheraan" om die lewe gebring. Morel het veilig teruggekom en het sy verslag, wat baie gunstig was, die eerste by Mérindol, waar hy gewoon het, aan sy geloofsgenote bekendgemaak. Hierop het daar in 1532 'n algemene sinode vir alle Waldensers gevolg, wat in die Valleie van Piedmont gehou is en waarop die verslag van Morel bekragtig is en amptelik vasgestel is dat daar tussen die Protestante van die Hervorming en die Waldensers geen beginselverskille bestaan nie.

Maar tweedens was daar nog 'n ander besluit geneem wat, soos later geblyk het, verreikende gevolge gehad het. Die Waldensers was Bybelse Christene, en uit die aard van die saak wou hulle graag die Bybel in die hande stel van elke gelowige of begerige siel. Die Latynse vertaling was vir die gewone volk ontoeganklik, en die bestaande Franse vertaling was gebrekkig. Gevolglik het die Waldensiese gemeenskap besluit om op hul eie koste 'n nuwe verbeterde vertaling uit die oorspronklike te laat maak en tot beskikking van alle Franssprekende Protestante te stel. Die gekose vertaler was Pierre Robert, 'n neef van Calvyn, en bekend onder die Latynse naam van Olivetanus. Toe die nuwe Bybel in 1535 sy verskyning maak, was hierdie hartroerende boodskap as voorrede daarin gedruk en gerig aan die Waldensers se nuwe Protestantse geloofsgenote:—

> „Die volk wat u hierdie geskenk aanbied, het al meer as drie eeue in ballingskap gelewe en sonder gemeenskap met u. Die slegste gerugte is omtrent hul versprei geword. En nog vandag word hulle deur skeldname aangedui. Maar nietemin

is hulle die geduldigste volk, wat deur geloof en liefde elke aanval oorwin. Ken julle hulle nie? Dit is julle broers wat soos Josef hulle nie langer kan weerhou om hulle aan julle bekend te maak nie."

Die kennis van die Bybel as grondslag van hul geloof het die Waldensers in staat gestel om in 'n teologiese redenering gemaklik die meerdere te wees van die Roomse geestelikes. En daarom het toe die volgende gebeur: Nadat die Franse koning, Frans I, besluit het om sy staatsmag te gebruik om die sogenaamde ketters uit te roei, is eers drie teologiese doktore na Suid-Frankryk gestuur in 'n poging om hulle te bekeer. In plaas van die Waldensers te bekeer, het die geleerde bekeerders teruggekom, self tot die Protestantse geloof bekeer. Dit het begryplikerwys die vervolgers woedend gemaak. Reeds in 1540 het die Parlement van Aix daarom besluit dat 17 inwoners van Mérindol lewend verbrand moes word en dat die huise van Mérindol met die grond gelyk gemaak moes word. Selfs die bome en bosse moes ontwortel word. Dieselfde moes ook gebeur met Cabriére. Vir 'n tydlank is hierdie vonnis uitgestel, maar wat daarna gebeur het, word treffend beskrywe in die Geskiedenis van Ernesto Comba, Waldensiese professor aan die teologiese fakulteit in Rome. Ek kwoteer uit die Nederlandse vertaling uit die Italiaans:—

> „Den 15den April (1545) stelde hij (d.i. die aangestelde vervolger, baron Mènier) zich aan het hoofd zijner troepen en trok uit, om te moorden en te plunderen. In een veertien dagen werden 4,000 Waldenzen vermoord. Hun vrouwen werden geroofd en verkocht. Zeshonderd werden er naar de galeien gestuurd en 250 beklommen het schavot. Van twee steden, Cabriére en Mérindol en van twintig dorpen bleef geen steen op den anderen. Alles gesloopt! Alles verbrand! Velen zochten een toevlucht in holen en spelonken, maar werden ze gevonden, dan moesten ze het met den dood bekoopen . . . Een roep van verontwaardiging en afschuw ging door geheel Prostestantsch Europa bij het vernemen van dit verschrikkelik bloedbad . . .
>
> „In 1550 kregen de vluchtelinge verlof om naar hun verwoeste bezittingen terug te keeren. In 1562 maakten ze daar nog een tweede bloedbad mee. Daarna vereenigden zij zich met die Fransche Hervormingskerk, en gaven dus den naam van Waldenzen prys."

Van die ou oorspronklike Mérindol, in die tyd van vrede en welvaart gebou, het dus niks meer oorgebly nie as alleen die skamele aanduidings van die vierhonderd jaar-oue ruïnes. Die nuwere en nog bestaande Mérindol, wat die woonplek van Jacques Malan was, en wat op 'n nabygeleë terrein verrys het, is begryplikerwys onder die moeilikste omstandighede gebou, en het gedurende die volgende anderhalf eeu ook sy eie lydensgeskiedenis deurgemaak. Getuie daarvan is die witgemaakte en blykbaar goedversorgde, maar verspreidliggende grafte teen die hange van die Luberon-gebergte, waarin Hugenote begrawe lê vir wie dit verbode was om eervol in 'n kerkhof weggeberg te word. En verder leef daar vandag nog in daardie uitsluitend Protestantse stadjie die oorlewering van vervolgingswoede, van wrede moordtonele, maar ook van martelaarstrou en geloof, o.a. ook van daardie vrou wat die naam van Malan gedra het en wat, omdat sy by die lees van haar Bybel betrap is, lewend begrawe is.

Die snelle verspreiding van die Protestantse geloof ten spyte van die wrede vervolgings, die georganiseerde verset van die vervolgdes, die langdurige Hugenote-oorloë onder leiding van die prins van Condé en admiraal de Coligny, en die ontsettende St. Bartholomeusnag, is te bekend om hier daaroor uit te wei. Dis genoeg om te sê dat veronderstel kan word dat ook die eertydse Waldensiese gemeenskap van Suid-Frankryk, insluitende dié van Mérindol en Cabriére, hul volle aandeel aan daardie gebeurtenisse sou gehad het. Die seënryke gevolge het egter nie uitgebly nie. Die Protestantse geloof het uiteindelik selfs ook tot die koninklike familie deurgedring. Prins Hendrik van Navarre was van oortuiging 'n Hugenoot, en toe hy daarna as Hendrik IV die troon van Frankryk bestyg het, het hy die bekende Edik van Nantes uitgevaardig, waardeur godsdiensvryheid en gelyke behandeling ook aan die verdrukte Hugenote toegesê was. Dit was in die jaar 1598. Die nag was uiteindelik verby, die langste en donkerste nag in die lydensgeskiedenis van enige volk, en die son van vryheid en geregtigheid het weer verrys bokant die kimme. En so was dit vir die volgende 87 jaar.

Maar die bittere lydensbeker was nog nie tot die laaste droesem geledig nie. Op 18 Oktober 1685 het Lodewyk XIV die Edik van Nantes herroep. Die vervolging in al sy wreedste vorme het opnuut begin en weer het bloedbad op bloedbad gevolg. Die hertog van Savoje wat oor die Waldensiese Valleie van Piedmont geregeer het, het die voorbeeld van die Franse koning gevolg. Die doel in die Waldensiese Valleie was o.a. totale verjaging uit die land, wat vir geruime tyd dan ook werklik plaasgevind het. Daar was 'n massavlug na die Protestantse lande van Midde-Europa, gevolg deur eventuele terugkeer na hul Valleie. Die doel in Frankryk aan die ander kant was totale uitroeiing, en ten einde die proses doeltreffend te maak, is Hugenote op straf van die dood verbied om die land te verlaat. Die vervolgingsug het niks minder as duiwels geword nie.

Teen hierdie tyd het die Protestantisme al 'n mag in Europa geword. Daar was al Protestantse lande wat bereid was om die vlugtelinge, wat dit kon regkry om te ontsnap, met ope arms te ontvang. Jacques Malan, wat volgens oorlewering hom as rondreisende musikant vermom het, was een van hulle. Die Protestantse wêreld was diep verontwaardig en gegrief oor die ontsettende gebeurtenisse, en het die hulpvaardige daad by die simpatiserende woord gevoeg. Duisendtalle van die vlugtelinge het 'n toevlugsoord gevind in Switserland, in Protestantse Duitsland, in Holland en in Engeland. Daardie kragtige persoonlikheid en Protestant, Oliver Cromwell, wat toe oor Engeland geregeer het, het hom meer besonderlik die lot van die vlugtelinge aangetrek. Volgens prof. Comba het hy 'n nasionale vasdag uitgeroep, 'n publieke inskrywing geopen waarop hy self £2,000 geteken het en £16,000 bygevoeg het uit die staatskas. Die totale opbrengs was £38,241 10s. 6d. Sy staatsekretaris, die beroemde digter Milton, het die vervolgde Christene en hul lyding een van sy mooiste sonnette geskryf waarvan die eerste twee reëls so lui:

„Avenge, oh Lord, thy slaughtered saints whose bones
Lie scattered on the Alpine mountains cold."

In Holland, wat ook die toevlugsoord was van die Hugenote wat later na Suid-Afrika geëmigreer het, het die gasvryheid en die hulpvaardigheid haas geen

perke geken nie. Behalwe die insameling van groot somme geld, 'n deel waarvan ongetwyfeld later bestee was om die pas aangekome en totaal hawelose Hugenote in Suid-Afrika te help, is huisvesting op groot skaal verskaf. Duisend huise is spesiaal vir die vlugtelinge gebou of anders beskikbaar gestel, en 'n hele buurt in Amsterdam waar 'n groot getal onderdak gebring was, heet vandag nog die „Jordaan," wat 'n verbastering is van die Franse woord „Jardin," betekenende „die tuin." Die strate dáár het almal blommename gekry. Hoe tekenend was dit nie van die innerlike geestestoestand van die vervolgde Hugenoot nie!

Die agtergrond het ek geskets. Maar nou kom ek terug na die sinspreuk op die familiewapen: „Deus arx mea." (God is my toevlug.) En my eerste vraag in verband daarmee is: Mag ons as familie trots wees op daardie agtergrond en op ons familienaam? My antwoord wil ek dadelik gee: Ja, ons mag! Maar dan alleen as dit gepaard gaan met nederigheid en diepe ootmoed. Dit alleen pas by die sinspreuk. En bowedien is ons agtergrond nie ons s'n alleen nie. In mindere of meerdere mate word dit gedeel deur alle andere Hugenote-afstammelinge in Suid-Afrika.

En my tweede vraag is een wat natuurlikerwys by iedereen moet ontstaan wat in die gees daardie Godsvertroue van die vervolgde Waldenser en Hugenoot en veral van daardie martelaarsgeslag aanskou. „Deus arx mea." Tot God is die toevlug geneem. Goed en wel! Maar wat het dit gebaat? Honderde jare het verbygegaan en daar was geen uitkoms nie. En vir duisende was die brandstapel en die skavot hul beloning en hul uiteindelike lot.

As ek 'n antwoord op hierdie vraag soek, dan dink ek onwillekeurig aan daardie woord van die kerkvader Tertullianus wat deur die eeue weerklink het, en wat deur die eeue ook bevestig is: „Die bloed van die martelare," so het hy gesê, „is die saad van die kerk." Die goddelike waarheid, met ander woorde, het vir sy verbreiding menslike getuies nodig. En hoe groter die offers wat geëis word, hoe kragtiger en hoe onweerstaanbaarder sal dan ook die getuienis sowel as sy seënryke gevolge wees. Duisende en tienduisende op daardie agtergrond wat ek geskets het, het uiteindelik niks anders meer oor gehad nie as daardie toevlugsoord waarop hulle vertrou het. En wat het daardie toevlugsoord dan vir hulle geword? Niks minder nie as die volle besef van die waaragtige en lewende Goddelike nabyheid. Hulle het alles verloor—hul aardse besittings, hul huislike geluk, hul familie en vriendekring, hul vaderland en hul lewe, eindigende in 'n smartlike dood. Hulle het niks oorgehou nie. En tog het hulle oorgehou dit wat nooit van hulle of van hul nageslag of van hul geloofsgemeenskap weggeneem kan word nie. In werklikheid was hulle ryk. Hulle het na die woord van Christus, wat hulle tot Sy getuies opgeroep het, vir hulself skatte vergader in die hemel, waar die mot en die roes nie kan bederwe nie, en waar die dief nie kan deurgrawe en steel nie. Dit was hul rykdom en dit is, as ons dit wil aanvaar, ook ons erfenis.

Die afstammelinge van Jacques Malan en dié van die ander Hugenote is hier geplaas in 'n nuwe vaderland en aan die begin van die bestaan van 'n nuwe volk. Aan die toekoms kon en kan hulle nog rigting en karakter gee. Dis 'n land met groot moontlikhede, maar dis ook 'n land met groot probleme. Dis 'n volk wat groot vatbaarheid het vir groot geestelike ideale. Maar dis ook 'n volk wat weens die

natuurlike rykdom van sy land se bodem, en sy blootgesteldheid aan allerlei invloede van buite, gemaklik 'n prooi kan word van die neertrekkende en selfs verdierlikende mag van die materialistiese lewensbeskouing. En vandag, meer as ooit tevore, is sy toekoms in die weegskaal. En nou wil ek aan u, en ek sluit myself daarby in, hierdie vraag stel: Wat gaan u in verband met daardie toekoms doen? Het u as kinders van die Waldensers en die Hugenote, en insonderheid as afstammelinge van Jacques Malan en Isabeau le Long, 'n roeping om te vervul? Indien nie, dink dan daaraan dat nie almal wat uit Abraham is, kinders van Abraham is nie, en dat net so ook en om dieselfde rede, nie almal wat uit die Hugenote is, kinders van die Hugenote is nie. Maar indien wel, laat ons dan eens en vir altyd goed verstaan dat dit alleen beoefen kan word deur bewus te bly van daardie onverganklike geestelike erfenis wat ons voorvaders deur die eeue heen vir ons verwerf het, en deur dit vir ons self te aanvaar.

Die vraag of u sal, dring hom vandag onverbiddelik by u op. U kan dit nie ontwyk nie en ek kan dit ook nie vir u beantwoord nie. Antwoord dit daarom ieder afsonderlik vir uself!

DEEL II.

Die Geskiedenis van die Familie Malan en ander wetenswaardighede

		Inleiding	*32*
HOOFSTUK	I.	*Die van Malan: Sy oorsprong en betekenis*	*34*
„	II.	*Die bakermat van die Malans en die vervolging van die familie deur die Rooms-Katolieke tot* 1690	*35*
„	III.	*Die verspreiding van die Malans oor Europa en na ander dele van die Westerse Wêreld*	*40*
„	IV.	*Die stamvader van die Suid-Afrikaanse Malans, en sy kinders*	*45*
„	V.	*Die verspreiding van die Malans oor gans Suid-Afrika* ...	*51*
„	VI.	*Bekende en beroemde Malans in Suid-Afrika en interessante besonderhede oor die familie*	*59*
„	VII.	*Die familiewapen en -seël*	*86*
		Slotwoord en dankbetuiging	*88*
BYLAAG	I.	*Register*	*93*
„	II.	*Vernaamste boeke deur Suid-Afrikaanse Malans geskryf* ...	*94*
„	III.	*Lys van Malan-predikante, -sendelinge, -medici, -prokureurs en -skoolhoofde*	*97*
„	IV.	*Lys van gegradueerde Malans van Suid-Afrika*	*101*
„	V.	*Boodskap van die Suid-Afrikaanse Malans aan die Engelse Malans,* 1887	*110*

Inleiding

DIE versameling van volledige besonderhede oor die voorgeslagte is 'n belangrike kultuurtaak. Gelukkig is daar tekens dat ons aan die begin staan van 'n hernude belangstelling in die genealogie van ons volk: So het dr. J. Hoge reeds geskryf oor ons Duitse stamvaders, dr. E. E. Mossop oor die Kruger-familie; die Hugenote-gedenkfeeskomitee het in 1938 vorms versprei aan nasate van alle Hugenote met die oog op 'n Hugenote-stamboek—'n onbegonne taak, maar nietemin 'n moedige poging; verskeie families het al saamtrekke gereël, bv. die Van der Merwes, Naudés en Conradies—ander wil nog familiefeeste hou.

Daar was 'n tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika toe dit haas ondenkbaar was dat 'n persoon nie sou weet wie sy oupa en oupagrootjie was en waarvandaan hulle gekom het nie. Vandag is dit 'n algemene verskynsel dat baie Suid-Afrikaanse families minder belang in hul voorgeskiedenis stel.[1]

Van die Malans is dit egter nie heeltemal waar nie. Daar kan met veiligheid beweer word dat hul belangstelling in hul familie 'n familietrek is, en ook sommer 'n diepgewortelde trek, want dit word nie alleen onder die Suid-Afrikaanse Malans aangetref nie, maar onder Malans oor die hele wêreld.

Reeds in die 19e eeu het boeke, geskryf deur Malans oor die familie De Mérindol Malan, in Engeland verskyn. Die skrywers skryf die sukses van hul werk daaraan toe dat die tradisies, familiegeskiedenisse en geslagregisters so volledig oorgelewer is deur die ou Malans.

Onlangs het die Amerikaanse Malans, uit Piedmont, Italië, afkomstig, 'n volledige geslagregister saamgestel van al die voorgeslagte en afstammelinge van hul stamvader, Jean Daniel Malan, wat in 1855 na Amerika geëmigreer het. Hierdie stamlys bevat volledige besonderhede oor die familie oor 'n tydperk van 10 geslagte en voer die familiegeskiedenis terug tot sovér as Guglielmino Malan, wat in 1529 in St. Jean, Italië, gebore is!

Toe majoor C. H. Malan in 1876 uit Frankryk na Suid-Afrika gekom het in verband met die Franse Sending in Basoetoland, is 'n spesiale byeenkoms van Malans, bloot uit 'n sterk familiebewustheid gebore, in Wellington belê. Majoor Malan het gepraat oor die Malans, hul geskiedenis en tradisies, en 'n volledige notule van die vergadering is gehou deur 'n mej. Pentz. Elf jaar na majoor Malan se besoek het die bekende C. C. de Villiers 'n welwillendheidsboodskap van die Suid-Afrikaanse Malans aan die Malans in Engeland gestuur.[2]

In 1928 het wyle senator F. S. Malan 'n boekie vir privaatsirkulasie die lig laat sien, waarin volledige besonderhede oor sy eie familie en die Malans in die algemeen verskyn.[3]

---

[1] Vgl. Danie Craven in *Die Huisgenoot* van 13 Julie 1951 p. 5 par. 2 „Die huidige geslag (kan) nie meer hul familie so goed uitlê soos die vorige nie."
[2] Sien bylae V.
[3] *Die Geheim van 'n Ideale Huwelik: Korte Lewenskets van D. G. en E. J. Malan*, waarvan slegs 300 eksemplare gedruk is.

Verskeie ander Malans se belangstelling in dieselfde saak is van tyd tot tyd opgemerk uit briefwisseling wat Malans onder mekaar in Suid-Afrika en oorsee gevoer het. Op 15 September 1950 is daar, na samesprekinge tussen prof. dr. A. I. Malan, L.V., van Pretoria, en mnr. D. C. Malan, van Rosslyn, Pretoria, en sy gade, 'n „Malandag-komitee" gestig onder beskerming van, en na oorlegpleging met dr. die Ed. D. F. Malan, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika.

Hierdie Komitee reël op 6 Oktober 1951 saamtrekke van Malans deur die hele Unie van Suid-Afrika en 'n groot Hoofsaamtrek by die Hugenote-Monument te Franschhoek. Om hierdie unieke gebeurtenis in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Malans te herdenk, is daar besluit op hierdie Gedenkboek.

HOOFSTUK I

Die Van Malan:

SY OORSPRONG EN BETEKENIS

DIT is nie altyd moontlik om te sê wanneer, waar en hoe 'n van sy oorsprong gehad het nie. Daar is talle teorieë oor die ontstaan en betekenis van vanne en talle boeke is al oor die onderwerp geskrywe.

Volgens die „GLOSSAIRE" van Du Cange (1610-1688) beteken „Malan" 'n melaatse. Vir die etimologiese vergelyking word ons verwys na die Latyn—*Malandria* en die Frans—*Malandrie*. Albei beteken melaatsheid. Ook die Frans, *malandrin* en die Italiaans, *malandrino*, wat beteken 'n melaatse en deur uitbreiding 'n rower of skavuit.

Die vervolging van die groep mense in die Waldensiese Valleie wat die ou Apostoliese geloof gehandhaaf het, het in 830 n.C. 'n aanvang geneem, dus ongeveer twee eeue voordat familiename begin ontstaan het. Dat *Malan* dus gebruik is as 'n skimpnaam vir die mense wat nie by die algemene kerk van die tyd, nl. die Roomse Kerk, wou aansluit nie, en later deur hulle as 'n erenaam aangeneem is, skyn heeltemal aanneemlik te wees, net soos die skeldname „*Geus*" en „Hugenoot" later as erename aanvaar is.

Volgens P. Chapuy se boek *Origine des Noms Patronymiques Francaise* berus Malan op Maclovius. Wanneer so 'n afleiding egter gemaak word, skyn dit in stryd met alle taalreëls en -wette te wees. Uit die name van Heiliges het soms vorme ontwikkel wat deur geen klank- of taalwette verklaar kan word nie; vorme waarin na willekeur alle reëls verdring is, en waar slegs die feit gekonstateer kan word dat so 'n vorm op die naam van 'n Heilige teruggaan sonder dat 'n afleiding, wat aan die eise van die taalwetenskap voldoen, gegee kan word.

Aan die anderkant is die van Malan heelwaarskynlik ook ouer as plekname soos Malandry, La Maladrie, Milan, e.a., en die afleiding van dié van van 'n pleknaam is onwaarskynlik.

Du Cange se uitleg van die oorsprong van die van skyn die mees logiese en die aanneemlikste te wees, en word ook deur die meeste van ons as sodanig aanvaar.[1]

[1] Krige, p. 22–23.

HOOFSTUK II

Bakermat van die Malans, vervolging deur die Rooms-Katolieke tot 1690

TOE familiename omstreeks in die tiende eeu algemeen begin raak het, was die Malans al Malans! Toe Claude, Biskop van Turyn, in die jaar 830 n.C. geweier het om die oppergesag van die Biskop van Rome te erken, en met 'n groot klomp „Oorspronklike Christene" gevlug het na die Waldensiese Valleie, geleë tussen die Alpe in die suide van Frankryk, was daar Malans onder sy volgelinge. Die naam kom reeds in die 10e eeu in verskillende vorme in die ou registers van die dorpe in die Valleie as Malano voor, en later as Malanot en Malan.[1] Laasgenoemde, synde die Franse vorm, is egter die meeste gebruik, en dié vorm is vandag oor die hele wêreld bekend.

Die Malans het behoort tot 'n groep mense wat hulself „Oorspronklike Christene" genoem het, d.w.s. hulle het die ou Apostoliese Geloof, soos Christus dit aan sy dissipels gegee het, ongeskonde bewaar. Hulle kon nooit hul kerkleer vir die leer van die Pous van Rome prysgee, of die Pous se gesag erken nie. Later, met die Hervorming vroeg in die sestiende eeu, het dit geblyk dat die Hervormers se Geloofsbelydenis en kerkleer byna dieselfde was as dié van die „Oorspronklike Christene."

Met die insypeling van die Roomse godsdiens in die Christelike kerk, het die „Oorspronklike Christene" geweier om hul leer aan te neem en gruwelike godsdiensvervolginge het in die jaar 830 begin, en byna 900 jaar voortgeduur!

Die geskiedenis van die Malan-familie is besonder interessant omdat dit die verhaal is van 'n familie wat, saam met hul geloofsgenote natuurlik, agt eeue vervolg, verjaag, verban en gemartel is, maar vanweë hul geloof deur die bedagsame sorg van God tog nooit vernietig is nie.


Die volgelinge van Claude het metterwoon oor die Valleie in Suid-Frankryk versprei, en is weldra in iedere dorp en gehuggie langs die riviere en tussen die berge aangetref.

Die Malans het hul naam aan 'n dorpie by die ingang van die valleie van Lucerne[2] gegee. Bo die stadspoort het gestaan „MALAN—AD. 1020."

Naby St. Martin het 'n sekere Malan vroeg in die elfde eeu 'n kerkie vir sy geloofsgenote gebou. Aangesien sy seun, Malanot, eiendom naby die kerk besit het

[1] Volgens ons buitelandse verteenwoordiger is die Malanos in Italië vandag Rooms en die Malans Protestante Malanot is die verkleinwoord vir Malan.
[2] Sien Voetnoot [1] op bls. 37.

Die Bakermat van die Malans



en dáár weldra 'n dorpie verrys het, is die plekkie ook na die Malans vernoem: „Les Malanoto," wat later sommer „Les Malans" genoem is.

Tussen St. Jean[1] en La Tour[2] het ook 'n Malan gewoon en weens sy aansien en die feit dat hy heerskappy in daardie gebied gevoer het, het sy naam op die dorpie, wat as „Malan" bekend gestaan het, oorgegaan.

Heelwaarskynlik het „Les Malan de Mérindol" (die tak van die familie waaruit ook die Engelse en Switserse Malans spruit), tydens die groot vervolging van 1112 van die Valleie na Mérindol aan die Durance in Provence, Suid-Frankryk, geëmigreer. Dit word afgelei uit die argiewe van Mérindol, wat meld dat die familie omstreeks daardie jaar die reg om hulself Franse te noem, verkry het.

By Mérindol het die Malans soveel besittinge verwerf dat die dorp as „Quartiers des Malans" bekend gestaan het.

Die familie het vooruitgeboer en was weldra 'n familie van aansien, wat oral die leiding moes neem. Van Mérindol in die suide tot by Lucerne in die noorde was dié van bekend en geroem. In 1248, toe Lodewyk IX sy eerste Kruistog na Palestina onderneem het, het 'n aantal Malans hom vergesél en hulle by Acre so knap gedra dat Lodewyk hulle in 1250 tot die adel van Frankryk verhef het.

Maar selfs hier in die Waldensiese Valleie is die Oorspronklike Christene wreed vervolg. Les Malanoto en Malan, naby La Tour, was gedurende die stormagtige geskiedenis van die Waldensers dikwels die toneel van bloedige vervolgingsoorloë.

In 1290 het die Hertog van Savoje, daartoe deur die Pous in Rome aangehits, soldate teen die Waldensers na die Valleie gestuur, waar ongeëwenaarde wreedhede voorgekom het: André Malan se huis en landgoed is verbrand, Jeanne Malan is eers gruwelik deur die soldate mishandel en toe is sy met skerp pale deurboor.

In 1309 het 'n leër van rowers onder bevel van Pous Clemente die valleie weer binnegeval: Laurent Malan het met sy vrou en kindertjies gevlug, maar is in die hoë berg van Taillant gevind en van 'n hoë krans afgestamp.

In 1440 het keiser Sigismund self teen die Waldensers opgetrek en die Oorspronklike Christene op groot skaal gemartel en vermoor. Barthélemi Malan se naam is as die martelaar van Angrogna oorgelewer.

In 1487 het Pous Innocentuis VIII 'n nuwe en bloedige vervolging van stapel gestuur. Dit het voortgeduur totdat Karel II, van Piedmont, in 1488 'n end daaraan gemaak het, en die Waldensers se besittings teruggegee het.

Die vrede was egter van korte duur. Op 18 November 1540 het die Parlement van Aix besluit dat Mérindol, wat nie vér daarvandaan was nie, met die grond gelyk gemaak moet word en dat die inwoners almal lewendig verbrand moet word, behalwe dié wat hul geloof wou afsweer. Vier jaar lank is hierdie edik uitgestel, totdat baron d'Oppède, die vurige ondersteuner van koning Frans I, dit op 15 April 1545 uitgevoer het. Die Tweede Kolonne onder baron La Garde het La Motte aangeval; die derde onder Vanjuine en De Rodertier het teen Mérindol opgetrek. Die dorpies is aan die brand gesteek—17 moes volgens bevel vernietig word. In Mérindol was 'n aantal vroue nog in die kerk toe die soldate aanval. Die vroue (onder wie Malans) is kaal

[1] Luserna San Giovanni—soms word dié plek op sy eerste en soms op sy tweede naam genoem.
[2] Torre Pellice.

uitgetrek, en nadat hulle eers om die kasteel gemarsjeer is, is hulle van die rotse, Les Rochers Malans, by Lauris, afgestamp.[1]

Op 29 Maart 1557 het 43 van die vernaamste inwoners van die Vallei van Lucerne bevel ontvang om voor die hof in Turyn te verskyn. Guilliaume Malan, destyds seigneur (raadslid) van Lucerne, en sy neef, Jean Malanot, seigneur van St. Jean, is gekies om die groep te lei. Die onderhandelinge het egter op niks besonders uitgeloop nie.

Op 15 Junie 1561 het Jean Malan en Jacques Malanot, here seigneurs van St. Jean, die vredesverdrag wat Immanuel Philibert, Hertog van Savoje, toe met die Waldensers gesluit het, onderteken. Hulle het aan die hoof van die afvaardiging wat vrede gaan vra het, gestaan.

Veel het hierdie verdrag nie beteken nie, want in 1592 het die Waldensers saamgespan en 'n petisie aan koning Hendrik die Goeie gerig om deur sy bemiddeling beskerming te verkry. André Malan, seigneur van La Tours, is gekies, en hy is as „ambassadeur-deputant en buitengewone gesant" van St. Martin na Hendrik die Goeie.

André Malan het die guns en agting van die Koning gewen, maar laasgenoemde het die Markies van Pianesse, wat bekend was vanweë sy haat jeens die Waldensers, gevra om aan Malan te skryf. Dit is op 14 April 1603 gedoen.

Twee-en-vyftig jaar lank was daar toe vir die Waldensers rus en vrede. In April 1655 het 'n nuwe vervolging begin, net so wreed en koelbloedig as die voriges: Anne Malan, lidmaat van die Kerk van St. Jean, en bloedverwant van Jean Malan, raadslid van St. Jean, is met haar kindjie in haar arms van die hoogste bergtop in Angrogna afgestamp toe sy nie haar geloof wou afsweer nie. Omstreeks dieselfde tyd is Jean Malan mishandel en verbrand.

Tussen 13 en 15 September 1661 is 'n petisie op Malan en Les Malanoto deur die heer Malan, konsul van St. Jean, en die heer Malan, raadslid van La Tour, onderteken, waarin Lodewyk om vrede en beskerming gevra word. Die petisie het geslaag en die vrede het weer vier jaar lank in die Valleie geheers. Die jaar 1665 het weer 'n Roomse aanval gebring waarin Jean Malan die lewe gelaat het en Jeanne Malan te Barges lewendig verbrand is.

Toe is die Edik van Nantes wat reeds in 1598 uitgevaardig is, herroep, en die bloedigste van alle vervolgings het begin.

Op 23 Oktober 1685 is skrik en ontsteltenis in Dauphiné onder die Waldensers gesaai! Lodewyk het geruime tyd reeds gedreig om die gebied van die Hertog van Savoje, Victor Amadeus, aan die hoof van 14,000 man binne te val as hy nie die Hugenote in sy gebied uitroei nie. Die Hertog het gehoor gegee en sy leërs het teen Dauphiné en die Vadois opgetrek en van 1686 tot 1690 verwoesting gesaai. Dis in hierdie tyd dat Les Malanoto, wat in die elfde eeu by die kerkie gestig is, weer aangeval is. In die krygsbevele van 1689 aan die Franse soldate lees 'n mens: „Die Regiment de Artois sal besit neem van Clos die Malanot en sal die 28ste April daarin kampeer"— gelukkig is die dorpie nie vernietig nie! Eers in die 18e eeu het dit verdwyn.

[1] Vgl. Samuel Smiles *The Huguenots in France* p. 482.

Toe het gevolg die „Roemryke Terugkeer" van die Waldensers onder leierskap van Armand. Van die Huis van Savoje het hy per verbond 'n waarborg vir die Waldensers verkry.

In hierdie tyd het baie Malans die Valleie en selfs die land verlaat—ander, soos Jean Malan, wat as een van die knapste dokters in die Waldensiese leër beskou is, het teruggekeer. Hy is op 24 Augustus 1689 by Chaumont, bokant Suza, gevang en nege maande lank in 'n kelder in die kasteel van Turyn opgesluit. Na die „Roemryke Terugkeer" na die oorwinning van Balzé, 30 Oktober 1690, is hy vrygelaat en het in Frankryk bly woon.[1]

[1] Die Meeste van die gegewens in hierdie hoofstuk is gehaal uit die boeke an A. N. Malan en H. V. Malan de Mérindol

HOOFSTUK III

Die Verspreiding van die Malans oor Europa en na ander Westerse Lande

TEN spyte van die vervolging wat oor 'n tydperk van amper duisend jaar gestrek het, het die Malans nooit Rooms geword nie, maar as „oorspronklike Christene" bly voortbestaan, en as vurige Protestante het hulle uit die stryd getree. Vir almal was dit 'n diepe gewetensaak; liewer as om vermoor te word, of hul geloof af te sweer, het baie uit die sonnige suide van Frankryk weggetrek.

Teen die end van die 16e eeu het 'n heelparty vlugtelinge vanuit Frans-Vlaandere oor Nederland en Duitsland versprei. So vind ons hulle vroeg in die 17e eeu al in Middelburg, Leyden, Amsterdam, Hanau en Berlyn.

Omstreeks 1600 het Jean Malan en sy vrou, Antoinette Combare, hulle te Leyden gevestig. Hul dogter is op 22 Junie 1608 in die Waalse Kerk te Leyden met die hoedemaker, Jan Lambaert, getroud. Ná die dood van Antoinette, is Jean weer op 13 April 1625 met Arasonne Brumeau, weduwee van Michiel du Canne, getroud.

Verder het daar in 1622 in die Sliksteegbuurt van Leyden 'n Arnout Malan, sy vrou Mary Feme, en hul drie kinders, Susanne, Pierre en Judique, gewoon. Hulle was glo baie behoeftig.[1]


Voorts is dit bekend dat daar teen 1625 sekere Malans te Leyden was wat lakenhandelaars was. Ná 1625 is daar geen melding van die van Malan in die gemeente- of dorpsboeke te Leyden nie. Dit is waarskynlik dat, aangesien die meeste Frans-Vlaminge dáár weggetrek het, die Malans ook daarvandaan verder oor Europa versprei het.

Pierre Malan, gedoop op 2 November 1692 te Mérindol en die oudste seun van Jean Malan, wat in 1698 in die ouderdom van 45 jaar oorlede is, het tydens 'n Roomse aanval op Mérindol na Switserland gevlug. Jean was een van die broers van ons stamvader, Jacques Malan. Hulle was bekend as die Here Seigneurs van Mérindol. Pierre se broer, Jean, het in Mérindol agter gebly, en sy suster, Jeanne, is lewendig met 'n kruik water, 'n brood en 'n lampie begrawe omdat sy nie haar geloof wou afsweer nie.[2]

Pierre kom in 1714 sonder enige besittings in Switserland aan, en registreer op 1 Julie 1722 as burger van Genéve. Sewentien dae later trou hy met Jean Besson

[1] Byleveldt, Waarnemende Argivaris van die Gemeente-argief, Leyden, se brief 15 Desember 1910 aan mnr. J. H. Malan van Senekal, O.V.S.

[2] In 1919 skryf dr. D. F. Malan uit Frankryk aan 'n familielid in Suid-Afrika: „Tien jaar gelede het daar vlak bokant Le Ferme Malan (dis 'n ou Malanplaas naby Mérindol) 'n grondverskuiwing plaasgevind, en daar is toe te voorskyn gekom 'n ou geraamte, wat die mense dadelik verbind het met die gebeurtenis van soveel jaar gelede. Dit is toe sorgvuldig en met veel piëteit in die kerkhof begrawe."



CAESAR HENRI ABRAHAM MALAN *van Genéve, Switserland, gebore 1787 en oorlede 1864. Stamvader van die Engelse Malans. Godgeleerde, redenaar, skrywer en komponis.*

d' Evares, en in Mei 1725 is hul seun, Antoine, gebore. Op 5 April 1757 is Antoine getroud, en op 20 Julie 1760 is hul eerste seun, Jacques Imbert, gebore. Later het Alexandre gekom.

Jacques Imbert is op 19 Maart 1783 getroud. Hy en sy gade het twee seuns gehad: Louis, gebore in 1784, en Caesar Henri Abraham, gebore 7 Julie 1787, en oorlede 8 Mei 1864. Eersgenoemde kan beskou word as die stamvader van die Russiese Malans, en laasgenoemde as die stamvader van die Genéve-Malans waaruit die Engelse Malans afstam. Jacques Imbert was later professor aan die Kollege van Genéve.

Louis het na die dood van sy eerste vrou, 'n Franse dame, by wie hy 'n seun, Eugene, gehad het (sy is in 1859 dood), privaatonderwyser geword vir die gesin van

prins Repuine, onderkoning van Pole. Dié het hom hoof gemaak van 'n onderwysinrigting in Poltawa. Hy is weer getroud en het drie kinders by sy tweede vrou gehad: Basile, wat die peetkind was van prins Basile, Varette, wat die peetkind was van prinses Varette, en Nicholas, wat die peetkind was van die Tsaar.[2]


Hy het hom in Poltawa gevestig en voor sy dood in 1844 van tsaar Nikolas oorerflike adeldom ontvang. Sy seun, Basile, is in 1861 oorlede. Dis onbekend of hy enige nasate gehad het.

Caesar Henri Abraham is in 1811 met Salome Schönberger getroud. Hulle het 5 seuns en 7 dogters gehad.[2]

Hul oudste seun, Caesar Jean Salomon, gebore in 1812, het 'n beroemde geleerde in Oosterse wetenskap geword. Hy was 'n doktor in godgeleerdheid en het in Glasgow, Engeland, gearbei.[3]

Sy broer Henry Victor wat in 1817 gebore is, het in 1839 die mediese graad in Tubingen, Duitsland, behaal; daarna B.A., M.A., M.D., C.D. en A.O.D., en in 1845 die M.D.-graad van Skotland. Hy was die eerste Malan wat die geskiedenis van die familie te boek gestel het—in 1863.[4]

Die groot brand wat in die begin van die 18e eeu die „Etat Civil de Mérindol" byna vernietig het, het nie dié deel waarin Jean Malan en sy seun, Pierre, se name voorkom, beskadig nie. Daarom kan die Malans in Engeland die titel van Fransman behou—'n titel waarop hulle baie trots is en wat hulle by hul van gevoeg het: hulle is almal De Mérindol Malans! Die „de Mérindol" het egter al in die 18e eeu ook by hulle in onbruik geraak.



JEAN DANIEL MALAN,
Stamvader van die Utah-Malans.

In die jaar 1529 is Guglielimino Malan in St. Jean in Italië gebore. Sy nasate het van Les Malans in die berge van Angrogna na Lucerne, in die noorde, en tot Marseilles in die suide versprei. Op 20 November 1804 is Jean Daniel in die provinsie Piedmont gebore, en in 1825 is hy met Pauline Combe, van Piedmont, getroud. Op 5 Mei 1855 het hy met sy vrou en sewe kinders onder leiding van William Glover met die *Juventa* in Philadelphia, Noord-Amerika, aangekom, tesame met 564 ander geloofsgenote. Op ongeveer die 25e Oktober 1855 het hulle in Ogden, Utah, aangekom, waar die Malans bly woon het. Barthélemi Malan, gebore 1 Oktober 1816, in Prasuit, Italië, is ook later na Ogden, en is daar oorlede.


[1] A. N. Malan p. 7.
[2] Een van sy seuns, C. Malan, het 'n boek oor hom geskryf: *The Life, Labours & Writings of Caesar Malan.*
[3] Sy seun, ds. A. N. Malan het 'n boek oor hom geskryf getitel: *Solomon Caesar Malan, D.D.*
[4] *The Malan de Mérindol.* (London, 1863.)

Die jongste Malan-tak is in 1912 gestig, toe John A. de Mérindol Malan Engeland verlaat het om hom vir goed in Adelaide, Australië, te gaan vestig.

Daar kan egter ook gemeld word dat mnr. en mev. George Malan, en hul twee kinders, op 24 Oktober 1950 uit Suid-Afrika na Tristan da Cunha vertrek het—maar dis twyfelagtig of hul langer as 3 jaar daar sal bly!

Die enigste vier volwasse Malans in S.A. met die stamvader se enkele naam.

JACQUES



Navorsingsbestuurder,
Modderfontein Dinamietfabriek.



Stadsingenieur,
Stellenbosch.



Sakeman,
Worcester.



Privaatsekretaris van
die Minister van Naturellesake.

HOOFSTUK IV

Die Stamvader van die Suid-Afrikaanse Malans

DIT is nie presies bekend in watter jaar of uit watter deel van Europa die eerste Malan in Suid-Afrika aangekom het nie.

In 'n brief van die Kamer van Rotterdam aan Goewerneur Simon van der Stel, gedateer 23 Desember 1687, word die name van die landverhuisers, wat met die *Berg China* op 20 Maart 1688 na die Kaap sou vertrek, aangegee. In hierdie lys kom voor: „Pierre Malan, oud 23 jaren, met sy vrou Isabeau Richarde, oud 20 Jaren."[1] Daar het wel 'n vrou, Isabeau Richarde gekom, maar sy was getroud met Pierre Joubert.[2]

Dit word vandag aanvaar dat die skrywer van die brief 'n fout gemaak het en Malan in plaas van Joubert geskryf het.[3] Juis omrede hierdie skryffout is dit egter nie onwaarskynlik dat daar ook 'n Malan op die skip was nie. Jean, Pierre en hul moeder, Jeanne Marthe Jourdan, was op dieselfde skip,[4] en ons het die getuienis van 'n aantekening wat voorkom in 'n baie ou Bybel wat aan wyle sen. J. P. Malan se oupa behoort het, en wat die volgende belangrike sin bevat:

> „Pieter Jordaan met syn vrouw Elizabeth Lelon, *Jacobus Malan kwam als jonkman met gesegde Jordaan mede.*"

Dit stryk ook met die geskiedkundige feit dat die eerste melding wat aan die Kaap van die stamvader, Jacques Malan, gemaak word, in 1688 is.

In 'n vroeë werk oor die Malans wat in 1863 verskyn het, word die belangrike opmerking gemaak dat daar ook aangeteken staan in die „Etat Civil de Mérindol" dat daar in 1690[5] in Mérindol vier Malan-broers was: Jean, Jacques, Henri en Barthélemi, genoem die Here Seigneurs van Mérindol, en dat hulle geklassifiseer was as die „notables" van Frankryk.[6]

In die lewensgeskiedenis van bogemelde Jean Malan (in 1698 oorlede) se agterkleinseun, Caesar Henri Abraham, geskryf in 1869 deur een van sy seuns, vind 'n mens egter die volgende:

> „Komende dus uit 'n oer-geslag van Oorspronklike Christene, het die Malans van Mérindol ná die herroeping van die Edik van Nantes nie geskroom om alles prys te gee vir hul geloof nie. Terwyl party na die Kaap de Goede

[1] F. S. Malan, p. 7.
[2] C. G. Botha, p. 88, vgl. Theal I, p. 331.
[3] F. S. Malan, p. 8.
[4] C. G. Botha, p. 88, vgl. Theal I, p. 331.
[5] Die jaartal 1690 moet, volgens geskiedkundiges, nie te letterlik opgeneem word nie, maar vertolk word dat d eintlik beteken „omstreeks die tyd toe die Edik van Nantes herroep is," d.w.s. 1685.
[6] H. V. Malan de Mérindol, p. 10.

Hoop in die wilde Afrika hul godsdiensvryheid gaan soek het, wat in hul eie vaderland hul wreed ontsê is, het een van hulle, Pierre, in 1714 na Genéve gevlug."[1]

Jean se broer, Jacques Malan, het volgens oorlewering saam met ander Protestante, onder wie in alle waarskynlikheid sy vriend Jean Jourdan, vermom as 'n vioolspeler,[2] van Mérindol na Holland gevlug.

Hulle het dit gelukkig getref, want toe hulle in Holland kom, was die direkteure van die H.O.I.K. juis op die uitkyk na geskikte immigrante om na Suid-Afrika te stuur.

Die Jourdan na wie verwys word, gebore in 1660, is uit Cabriére, 'n dorpie naby Mérindol, afkomstig. Hy het met die *Berg China* op 4 Augustus 1688 in Suid-Afrika aangekom, en is aan die Kaap met Elizabeth (of Isabeau) le Long getroud, wat op 20 Augustus 1688 van die *Zuid Beveland* hier aan wal gestap het. Hulle het op die plaas La Motte[3] in Olifantshoek, tans Franschhoek, gaan woon. Jacques Malan was dan ook tussen die 180 Franse vlugtelinge wat in 1688 en die daaropvolgende twee jaar hier aangekom het—waarskynlik op die *Berg China* op 4 Augustus 1688.

Jacques Malan was 'n jong, ongetroude man toe hy in die Kaap gekom het. Baie Hugenote was voor hul vertrek uit Frankryk welgestelde mense; dus ongetwyfeld ook die Malans, soos uit die vorige hoofstuk blyk. Hulle kon egter slegs hul nodigste besittings na Suid-Afrika saambring—bly dat hulle met hul lewens daarvan afgekom het! Dit was blykbaar ook die geval met die stamvader. Van die Koloniale regering het die Hugenote egter waardevolle hulp ontvang, waarin Jacob Malan, soos sy naam verhollands is, ook gedeel het.[4]

In die ou Kaapse argiefstukke vind ons die volgende „Specificatie van allen provisien, materialen en bouwgereetschappen enz. die op schriftelyke ordonnantien van den E. Hr. Commandeur Simon van der Stel aan de France Vlugtelingen . . . zyn verstrekt:—

„1688: Jacques Malan voor 't volgende: 6 mudden tarw; 20 lb. spyckers; 1 graaf; 1 lb. loot; 1 ysere pot; Snaphaanstenen; 1 snaphaan; 2 lb. Buscruyt en 8 runderbeesten."

In 1689 het hy „10 mudden tarw." gekry, 'n ploegskaar, 2 sekels en nog 'n paar kleinighede.

Met sulke materiële hulp, en besiel met 'n vurige Calvinistiese gees, het die jong Malan deur taaie volharding fluks gevorder. Bewys hiervan is die feit dat hy al op 18 Oktober 1694 die plaas La Motte in Franschhoek as eiendom gekry het.

Voordat Jean Jourdan se jongste kind, Jean, op 18 Januarie 1699 gedoop is, is die vader oorlede, en in dieselfde jaar is Jacques Malan met die weduwee Jourdan

---

[1] C. Malan, p. 14.
[2] F. S. Malan, p. 7, bou nie op hierdie oorlewering nie maar A. N. Malan, p. 6, en dr. H. B. Thom in *Die Huisgenoot* van 25/5/51, p. 4, wel.
[3] Daar is drie La Mottes: Bo-La Motte, wat in 1694 aan Jacques Malan gegee is; Onder-La Motte, wat in 1695 aan H. H. Hatter gegee is, en La Motte, by Simondium, wat aan Daniel Nourtier gegee is. F. S. Malan, in sy boek *Die Geheim van 'n Ideale Huwelik* plaas 'n foto (p. 8) van 'n woonhuis op Onder-La Motte (tans die eiendom van mnr. J. Roux), en merk verkeerdelik op dat dit Jacques Malan se woonhuis was! Ook Kannemeyer fouteer in hierdie opsig.
[4] Vgl. ook lys van uitkerings by Theal, *History of South Africa* 1652 *to* 1795, I, p. 338.



Voorgewel van die opstal op Morgenster, naby Somerset-Wes, wat aan die stamvader behoort het.

getroud. Hulle het 7 kinders gehad:—

1. Jacobus, gebore 2 Julie 1700.
2. Elizabeth Anna, gebore 30 November 1701.
3. Daniel, gebore 11 September 1703.
4. Maria, gebore 6 April 1705.
5. Catharina, gebore 20 Maart 1707.
6. David, gebore 19 Julie 1708.
7. Jacob, gebore 8 November 1710.

Die oudste en die jongste kinders is klein dood. Daniel, die derde kind, en David, die sesde kind, het die voortbestaan van die Malans in Suid-Afrika verseker.

Jacques Malan en sy familie het 'n aantal jare op La Motte geboer. Hy het weldra 'n vooraanstaande en gesiene man geword, ten spyte van die wanbestuur aan die Kaap onder Willem Adriaan van der Stel se bewind, en ten spyte van die aandeel wat hy daarin gehad het om Van der Stel uit die Kaap te kry. Ons lees in die Dagboek van Adam Tas onder datum Vrydag, 19 Februarie 1706, dat Jacques Malan een van die persone was wat geweier het om op versoek van die Landdros te teken dat die Goewerneur 'n eerlike man is wat goed regeer en 'n handhawer van die godsdiens is. Ook het Jacques Malan ten spyte van landdros Sparrenburgh se dreigement dat hy sy plaas, La Motte, van hom sal wegneem, voet by stuk gehou teen die onreëlmatighede en die wangedrag van die Goewerneur.[1]

Sy stryd teen onreg was nie tevergeefs nie, en in Oktober 1709 kom Willem Adriaan van der Stel se besittinge onder die hamer en Jacques Malan koop een van die vier gedeeltes van „Vergelegen," genaamd „Morgenster" naby Somerset-Wes.[2] Daar het hy hom toe gaan vestig en die latere jare van sy lewe geslyt. Ook verkry hy in 1713 kaart en transport van La Motte, nadat hy 19 jaar daarvoor moes wag![3] Hy transporteer die plaas egter in 1719 al aan sy stiefseun, Pierre Jourdan.[4]

Voorts het hy 'n warme belangstelling vir kerksake getoon en die Stellenbosse kerkraad het hom in 1716 al by die Politieke Raad aan die Kaap as diaken voorgestel. Hy was baie jare lank diaken en later, in 1724, toe hy 'n man van in die vyftig was, ouderling van die Stellenbosch-kerk.[5] Sy naam kom voor as 'n „burger dragonder" van Stellenbosch, onder bevel van kaptein Jan Oberholster.

Net soos die kerkowerheid Jacques Malan bekwaam geag het en beskou het as 'n man wat nuttige werk kan doen, so het die plaaslike bestuursliggaam, wat hom goed geken het, hom in 1708, 1713, en 1721 op die lys van moontlike nuwe heemrade

[1] Fouché: *Het Dagboek van Adam Tas*, pp. 143–144.
[2] Theal, p. 414.
[3] Lees: Title Deeds of Stellenbosch, Drakenstein and Swellendam Districts from 25/8/1704 to 11/10/1785, II, No. 70. Akteskantoor Kaapstad. Uit hierdie dokument blyk dat „door versuijm" Malan sy grondbrief eers op 18/12/1713 ontvang het.
[4] T. 1289. Old Stel. F2–70. Akteskantoor, Kaapstad.
[5] H. B. Thom in *Die Huisgenoot* van 25/5/51. Sy bron: (12) C. 11: Resolutiën. 1716–1717, p. 295; en C. 223: Requesten en Nominatiën, 1715–1716, pp. 713–714. Kaapse Arg. Kiesing van diakens het nl. volgens die destydse stelsel van Koöptasie geskied. Nuwe diakens is deur die kerkrade voorgestel, maar die owerheid moes die finale benoeming doen. (13) Sien C. 16: Resolutiën 1721–1722, p. 210: C. 19: Ibid., 1724–1725, p. 281; C. 228: Requesten, 1720–1721, p. 421; en C. 231: Requesten en Nominatiën, 1724, p. 437. Almal in K.A.

geplaas. Die Politieke Raad, wat die finale keuse moes doen, het Malan egter nooit as lid van die Stellenbosse Kollege van Landdros en Heemrade gekies nie.[1] Die feit dat hy genomineer was, getuig egter van die aansien wat hy in sy omgewing geniet het.

Teen 1733 was hy al 'n welgestelde boer met 32 slawe, 50 perde, 140 beeste en 900 skape. Twee jaar later toe hy 'n man van in die sestig was, was hy baie welvarend en in goeie gesondheid.[2]

In 1736 ontval sy vrou hom en niks is verder van hom bekend nie. Die gedagte is dat hy ongeveer 1742, toe hy 'n grysaard van oor die 70 was, oorlede is.

Daniel Malan, die derde kind van die stamvader het op 21-jarige leeftyd besluit om te trou. Soos sy vader, het hy ook 'n weduwee gekies en is op 8 Augustus 1724 met sy 24-jarige tante, Maria Verdeau, weduwee van Pierre Jourdan, getroud.[3] Hulle het 9 kinders gehad. Op 13 Desember 1750 is hy weer getroud, met Emerentia Steyn, weduwee van Arnold Schephaut van Hattingen, en hulle het 4 kinders gehad. Uit die 13 kinders was egter net 6 seuns, van wie een klein dood is.

Daniel Malan het in die voetspore van sy waardige vader gevolg en was 'n heemraad en 'n kerkman. Hy het in 1730 lid van die Stellenbosse kerkraad geword en tot 1749 in die kerkdiens gebly.[4] In 1737 het hy heemraad vir Stellenbosch geword, en hy is 4 keer agtereenvolgens gekies.[5] In sy testament van 21 Februarie 1768 bemaak hy o.a. aan die Armesorg van die Stellenbosch-gemeente die bedrag van 100 Kaapse gulde.

Sy jongste seun, Jacobus (die eerste by sy tweede vrou) het die plaas „Morgenster" in Hottentotsholland, in 1770 geërf. Hy was getroud met Catharina Morkel. Daniel se jongs-lewende seun, David (by sy eerste vrou) het „De Hoop" in die Soutriviervallei, naby Pottenberg, geërf.

Die sesde kind van Jacques Malan was David, gebore op 19 Julie 1708, en woonagtig aan die Perdeberg, destyds onder-Drakenstein. Op byna 27-jarige leeftyd is hy op 17 April 1735 met Eleonora Melius getroud. By haar het hy 4 kinders gehad: 2 dogters en 2 seuns.

Op 22 November 1750 is hy weer getroud, met Elizabeth Marais. By haar het hy 6 kinders gehad: 3 seuns en 3 dogters.[6] Uit ou geskrifte wil dit voorkom of David Malan in 1776 op sy plaas „De Fortuin" in Hottentots-Holland gewoon het, d.w.s. in die omgewing waar Gordonsbaai vandag is.

---

[1] Ibid. Sy bron (15) Vgl. St. 1/2: Notule van Landdros en Heemrade, 1702–1709, pp. 98 en 105; St. 1/4: Ibid., 1711–1715 (paginas ongenommer); St. 1/7: Ibid., 1719–1722, pp. 121 en 123; en C. 228: Requesten, 1720–1721, pp. 453–455. Almal in K.A. Botha (*The French Refugees at the Cape*, p. 76) beweer ten opregte dat Malan wel as heemraad van Stellenbosch gedien het. In die Stellenbosse stukke kom sy naam nêrens onder die dienende heemrade voor nie.

[2] H. B. Thom: sy bron (17) J. 160: Opgaafrolle, Stellenbosch, 1735, p. 6, K.A.

[3] Pierre Jourdan, broer van Jean Jourdan was 60 jaar oud toe hy in 1723 dood is, en sy vrou was toe 23 jaar oud. (C. G. Botha p. 89.)

[4] Spoelstra, deel I. P. 157 en 230.


[5] H. B. Thom—sy bron St. 1/12: Notule van Landdros en Heemrade, 1737–1739, pp. 64–68 Kaapse Argief.

[6] Vgl. H. B. Thom sy bron (2) De Villiers (Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familiën, II (A–O), pp. 292–297) laat een van die kinders, Elizabeth uit die tweede huwelik weg. Lees egter testament van David Malan en Elizabeth Marais. M.O.O.C. 7/37: Testamenten, 1792–1793, nr. 55, K.A.

Volgens sy testament, in 1777 opgestel, het hy toe op „De Cuyper's Kraal," naby Koeberg (vandag Durbanville), gewoon. Op Cuyper's Kraal het hy vooruit geboer. Hy was in die latere jare van sy lewe welvarend en hoog aangeskrewe. Hierdie plaas het sy tweede jongste seun, Stephanus, wat veldkornet van die Koeberg-distrik was, geërf.

David Malan is op 5 Desember 1746 as ouderling in die Swartlandse gemeente gekies.[1] In die hoë ouderdom van 85 jaar is hy in 1792 oorlede. Hy lê vermoedelik op hierdie ou Malan-plaas begrawe.

Verreweg die meeste Malans in Suid-Afrika is afstammelinge van David Malan.



[1] Spoelstra deel II, p. 498.

HOOFSTUK V

Verspreiding van die Malans oor Gans Suid-Afrika

DIE bevolking aan die Kaap het baie vinnig uitgebrei, en dit was nie vir almal meer moontlik om tussen die kus en die berge 'n bestaan te maak nie. Die uitbreiding na die binneland het langs drie hoofweë gegaan: oor die Hottentots-Hollandberge langs die Rivier-sonder-end af; uit die Tulbagh-kom langs die Breërivier af; en wes van die berge oor die Bergrivier, deur Vier-en-twintig-riviere en oor die Olifantsrivier na die Hantam toe.

Die boere het met hul vee dieper die binneland ingetrek, jag- en ontdekkingsekspedisies het die land al hoe meer verken, en spoedig het gesinne die ou woongebiede begin verlaat.

Die eerste Malan wat ons aan die oosgrens van die Kaapkolonie aantref, was dáár onder spesiale omstandighede. Nadat lt.-kolonel Graham in die Vierde Kafferoorlog (1812) daarin geslaag het om die naturelle weer oor die Groot-Visrivier te dryf, is op sy versoek die grootste deel van sy troepemag veiligheidshalwe aan die grens gelaat. Alleen sou die burgermag wat bystand verleen het, vervang word deur 'n gelyke aantal uit George en Stellenbosch.[1] Daniel Malan, van Hottentots-Holland is toe aangestel as een van die 4 kommandante. (Die vierde een was Piet Retief.)

Tot „Eerste Kommandant en Kassier" word aangestel Daniel Malan, wat sy ouderdom as 55 jaar verstrek het.[2] Watter Daniel Malan dit was, kan moeilik vasgestel word. In alle waarskynlikheid is dit òf Daniel Josias Malan, gedoop 16 November 1760, òf Daniel Malan, gedoop 20 Julie 1755. Dit is die enigste twee Daniel Malans wat teen 1812 onder die 60 en oor 50 was.[3]

Teen 1815 was daar al 'n hele paar Malans aan die oosgrens van die Kolonie, onder andere die geskiedkundige David Malan, van Zwagershoek (naby Somerset-Oos).

Hy is die oudste seun van die stamvader se seun David by sy tweede vrou, en gebore in Drakenstein op 11 September 1751,[4] en die vader van die veelbesproke veldkornet Hercules Philippus Malan, wat saam met Piet Retief vermoor is.

In 1815 het die gevoelens teen die „Swarte Omgang" 'n hoogtepunt bereik . . . en die Slagtersnek-rebellie breek uit. David Malan word gevang en as prisonier no. 13 in die tronk gesit. Op 13 Januarie 1816 is die sogenaamde rebelle verhoor en vyf

[1] Franken p. 51.
[2] Franken p. 52.
[3] Vgl. De Villiers. Skrywer stem hier nie saam met prof. Franken, wat verwys na Daniel, wat in 1741 gebore is nie.
[4] De Villiers II p. 296.

het die doodvonnis gekry. David Malan en 'n sekere Prinsloo het drie jaar dwangarbeid op Robbeneiland gekry, en is uit die Oostelike Provinsie verban. Hierdie vonnis teen David Malan is heelwaarskynlik, weens sy hoë ouderdom, tot verbanning uit die Oostelike Provinsie verander.[1] Dat dié vonnis in die lig van die geskiedenis ooit voltrek is, is onwaarskynlik, maar in ieder geval het die hele familie daar bly woon totdat twee van David Malan se seuns, t.w. Jacobus en Hercules Philippus, besluit het om die Oostelike Provinsie te verlaat en, soos so baie ander boere in die jare tussen 1834 en 1836 gedoen het, na die onbekende binneland te trek. Hercules Philippus, gedoop 28 Oktober 1792, en getroud met Anna Maria Breed, was beskou as hoof van 'n dertigtal waens wat teen ongeveer 1836 die distrikte Fort Beaufort en Somerset-Oos verlaat het. Sedert Desember 1834 was daar al onenigheid tussen hom en Piet Retief, maar dit is onwaarskynlik dat dit die rede was waarom hy weggetrek het. Op 13 Januarie 1835 het hy, teen Retief se sin, 'n laaste 17 waens oorgehaal om te trek. Retief het Malan daarvan beskuldig dat hy as veldkornet onverantwoordelik optree, maar Malan het net gesê: „Ek sal gaan waar ék wil"—en hy het getrek! Dié Malan-trek is eintlik die derde groot trek na Trichardt en Potgieter.[2]

In Oktober 1836 was die Malans al in die Oranje-Vrystaat, en teen die begin van 1838 in Natal, nadat hulle vele ontberinge op die trekpad deurgemaak het—saam met Piet Retief, wat in April 1837 by die Trekkers tussen Thaba 'Nchu en die Vetrivier aangesluit het.

Swaar beproewinge het in Natal op die Malans gewag. Hercules Philippus Malan het, ten spyte van sy vorige struweling met Retief, aangesluit by dié se geselskap, wat na Dingaan sou gaan om oor grond te onderhandel. Van Gas, Malan se aangenome seun vertel:

> „Toen de partij die van ons kamp mede ging, vertrok, zeide de oude heer Malan nog in mijn tegenwoordigheid aan Retief, dat 't hem was als 'n voortéken (dat hij 'n voorgevoel had), dat verraad zou gepleegd worden en dat de Engelsen van Natal 'n voorname rol erin spelen zouden. Het is alsof ik de heer Retief nog hoor zeggen: ‚Foei, foei, Malan!—de franse gevoelens tegen de Engelsen laat gij geheel de overhand nemen, en 't is toch onmogelik voor 'n kristen-mogendheid om zo' te handelen'."[3]

En in Februarie 1838 is hy saam met Retief op Hlomo Amabuta vermoor. Die agterblywendes het ternouernood aan die wrede moorde by Bloukrans en Moordspruit ontkom.

Daarna het Piet Uys met die strafkommando uitgetrek. Jacobus Malan (ouer broer van die vermoorde H. P. Malan), sy oudste seun David Eduard, toe 12 jaar en 2 maande oud, en Johannes Augustinus, tweede seun van die vermoorde Hercules Philippus en ongeveer 14 jaar oud, was in die kommando. Al drie het op 9 April 1838 saam met Uys by Italeni gesneuwel!

Die Malans wat oorgebly het, was 'n rukkie in Natal en is daarna terug na wat vandag die Vrystaat is.

---


[1] H. C. V. Leibbrandt: *The Rebellion of* 1815.
[2] Franken, Hf. XXII vgl. Preller p. 10.
[3] Preller p. 21.

JACOBUS MALAN
1787 – 1838

wat by Italeni saam met Piet Uys gesneuwel het, se twee seuns:



JACOBUS MARTHINUS
26 Feb. 1831—11 Junie 1901
Lid Z.A.R.-Volksraad.




HERCULES PHILIPPUS
2 Nov. 1836—2 Des. 1899
Kommandant, Rustenburg.


HERCULES PHILIPPUS MALAN
1792 – 1837

wat saam met Piet Retief deur Dingaan vermoor

is, se twee seuns:



JACOB JACOBUS
16 Jan. 1820—19 Jan. 1917
Lid Z.A.R.-Volksraad.



HERCULES PHILIPPUS,
Kommandant in
Eerste Vryheidsoorlog.

Jacob Jacobus Malan, bygenaamd Jacob Kaffer, jongste seun van H. P., wat vermoor is, is voor 1855 na die plaas Waterkloof waarop Lydenburg later aangelê is,

Jacobus Marthinus Malan, oudste seun van Jacobus Malan by sy tweede vrou. H. C. Klopper, is later na die Pilansberge in Transvaal, en in 1882 het hy hom permanent op Doornkloof 550, naby Koster gevestig. Sy jonger broer, Hercules Philippus, het by Rustenburg gaan woon.

Die Trek-Malans wat hulle in Transvaal gaan vestig het, het byna almal 'n vername rol in die geskiedenis van die ou Z.A.R. gespeel. Drie het lede van die Volksraad geword, ander kommandante van hul distrikte, of veldkornette. In die Jameson-strooptog het hulle hul deel gedoen en in die Eerste en Tweede Vryheidsoorloë het hulle teen die Britse veroweraar vir hul land en volk geveg, en veel presteer. Hulle was van vaste geloof, goeie karakter, helder van gees en manne op wie die President en die Kommandant-generaal kon reken.

Ná die Groot Trek het baie mense met tussenposes van die ou Kolonie af na die twee Boere-republieke verhuis. So vind 'n mens in 1851 al 'n Daniel Malan in Potchefstroom.[1] 'n Paar jaar daarna het 'n ander, of moontlik was dit dieselfde Daniel Malan (gebore 13 Junie 1799, getroud met Margaretha Johanna Susanna van Niekerk, en kleinseun van die stamvader se sesde kind, David), in ongeveer 1855 na Transvaal getrek en in 1859 twee plase, Papkuilfontein en Brandbach, 13 myl ten noordooste van die huidige Premiermyn, op sy naam geregistreer gekry. Sy nasate het hoofsaaklik na die Transvaalse Bosveld en die Hoëveld versprei.

Jacob Stephanus Malan, getroud met A. S. Jacobs, het ook heel vroeg die Kolonie verlaat en hom op Boschfontein 193, naby Rustenburg, gaan vestig. Hy het op 30 Augustus 1858 transport van die plaas gekry.

Johannes Francois Stephanus Malan, gebore 24 Januarie 1845, het uit die Paarl weggetrek, en in 1881 het hy hom in Potchefstroom bevind.

Vele Malan-gesinne het ná hulle na Transvaal en die O.V.S. verhuis. Party het egter die Karoo verkies, soos bv. Stephanus Johannes Malan, wat te Groenberg, Wellington, gewoon het. Hy is ongeveer 1840 na Fraserburg se wêreld, en daarvandaan na Prins Albert, waar hy hom gaan vestig het.

Daniel Jacobus Malan, gedoop 1 Oktober 1815, en getroud met S. J. M. Snyder, het sy lewe op die plaas Swartland in die distrik Carnarvon begin. Sy nasate is na Kenhardt, Karasburg en tot so vér as Grünau in S.W.A.[2]

Voor 1893 is Wynand Charl Malan, geb. 22 Junie 1868, en seun van Daniel Johannes Malan, van Salomonsvlei, Paarl, na die Z.A.R. Hy word onderbestuurder in 'n myn, bedank net voor die Tweede Vryheidsoorlog en tree toe tot die Staatsartillerie. Met die uitbreek van die oorlog was hy 'n luitenant. Ná die oorlog is hy

[1] Transvaalse Argiefstukke, deel I.
[2] Hierdie is een van die weinige Malan-families wat skrywer nog kon opspoor en wat afstam van Daniel, die derde kind van die stamvader, Jacques Malan.

Tien Geslagte – en die laaste ses is David Johannes


JACQUES
± *1665 tot* ± *1742*

DAVID
1708 tot 1792


JACOBUS JOHANNES
1739 tot 1806



JACOBUS FRANCOIS
1783 tot 1863



DAVID JOHANNES
1807 tot 1894




DAVID JOHANNES
1837 tot 1909




DAVID JOHANNES
1861 tot 1919



DAVID JOHANNES
1882 tot 1935



DAVID JOHANNES
—1906—



DAVID JOHANNES
—1940—

saam met kolonel Blake van die Ierse Brigade na Amerika. In Mexico het hy vir die rebelle in 'n burgeroorlog geveg, en daarna na Texas gegaan, waar hy tot sy dood in 1914 in 'n myn gewerk het. Wynand Charl Malan was ongetroud.

In 1893 volg sy jonger broer, Johannes Lodewicus, hom as onderwyser na die Z.A.R. Na 2 jaar van skoolhou word hy in 1895 die privaatsekretaris van komdt.-genl. Piet Joubert. In 1898 sluit hy ook as luitenant by die Artillerie aan en maak as sodanig die oorlog mee tot 1902, toe hy gevang en na St. Helena gestuur is.

Jacobus Johannes Malan, oom van bogemelde twee Malans, is pas ná die ontdekking van goud na die Z.A.R., waar hy en sy hele familie hulle permanent gevestig het. Sy seun, Wynand Charl, was die beroemde Boere-generaal, wat so 'n flinke rol gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in Kaapland gespeel het. Die hele familie het in 1907 na Tanganjika verhuis, liewer as om die eed van getrouheid aan die Britse Kroon af te lê.

Om dieselfde rede het Philippus Lodevicus Malan en sy gesin Transvaal verlaat en hom by Thompson's Falls in Kenia gaan vestig. Hy was 'n kleinseun van Daniel Malan, wat in ongeveer 1855 na Transvaal getrek het.

Tien Geslagte van Malans


JACQUES
± 1665 tot ± 1742

DAVID
1708 tot 1792


JACOBUS JOHANNES
1739 tot 1806




JACOBUS FRANCOIS
1783 tot 1863




JACOBUS JOHANNES
1803 tot 1883




GABRIEL DANIEL
1837 tot 1908



DS. GEORGE STEPHANUS *1861 tot 1931*



PROF. GABRIEL HERCULES THEODORE *1886*



ETIENNE GEORGE
—1918—



GABRIEL DANIEL
—1943—

HOOFSTUK VI

Bekende en Beroemde Malans in Suid-Afrika

DIE stamvader van die Malans in Suid-Afrika was in Leyden as 'n „refugiè protestant de France" bestempel.[1] Sy voorgeslagte was uit die Alpewêreld van Piedmont, in die noordweste van Italië. Uiterlik was hulle seker sterk en gesond, soos die omgewing van berg, bos en bergstroom hulle gemaak het; innerlik rotsvas in hul oortuiginge, uitgesproke en onwrikbaar geheg aan hul suiwer Christelike geloof.

Soos die meeste mense van sy tyd, het hy sy bestaan uit die boerdery gemaak. Sy kinders het in sy voetspore gevolg, en so ook hul kinders.

Soos hul bure en landgenote was hulle koersvas en godvresend. In vergelyking met ander Suid-Afrikaanse families het besonder baie tot die hoogste sport in die openbare lewe geklim. Verskeie Malans het hul familie se prestige deur hul prestasies verhoog: op byna elke gebied van die Suid-Afrikaanse lewe het Malans al gepresteer— en besonder goed presteer daarby! Met weinig uitsonderinge staan die familie deur die hele land as 'n eerbare en 'n goeie bekend.

Die besonderhede wat hier oor Suid-Afrikaanse Malans volg, sal persoonlike waarde vir elke Malan-familie in ons land hê. Met so 'n groot en talentvolle familie om te beskryf, kan 'n mens nouliks aanspraak op individuele volledigheid maak, maar jy kan wel daarop boog dat alle sfere van die openbare lewe, waarin Malans presteer het, genoem is.

Uit 'n noukeurige ondersoek van die Uniale Kieserslys, soos op 31 Desember 1950, het geblyk dat daar 1,114 manlike Malans op die kieserslys is, en 1,142 vroulike Malans, uitsluitende dié vroue wat deur huwelik 'n ander van gekry het. In S.W.A. is 40 Malans as kiesers al geregistreer, 21 mans en 19 dames.

Vir die eerste drie geslagte het die Malans suiwer landelik gebly. Gedurende hul eerste honderd jaar in Suid-Afrika het hulle in die Boland gebly. Hulle was wyn-, graan-, en veeboere wat stil en rustig gelewe het. Hulle het goed in die sonnige Suiderland geaard; hoë ouderdomme bereik en groot huisgesinne gehad. Weldra was daar nie plek vir almal om boere te bly nie. Dié wat boere kon bly, kon ook nie onveranderd in hul voorvaders se voetspore volg nie. Jonger en beter landboumetodes is gaandeweg gevolg; die Malans het gespesialiseer en sommige het in hul omgewings begin uitblink.

[1]Aantekening n Waalse Biblioteek Leyden (Byleveldt se brief 15 Desember 1910).

Daniel Francois Malan, vader van die huidige Eerste Minister, was 'n connoisseur-wynboer. Hy het nie nodig gehad om soos ander boere sy wyn te gaan verkoop nie: dis van sy plaas, Allesverloren, af weggery deur uit-die-hand-kopers! Francois Johannes Malan, van Groenvlei, Wellington, het weer sedert 1894 al die heuwels op sy plaas in Wellington met appelkoosboorde beplant. Hy word beskou as 'n baanbreker van droëland-vrugteboerdery. Vele ander het iets gedoen wat as iets besonders beskou was. Die land is egter groot, en boerdery verskil van distrik tot distrik. Slegs landswyd-bekende boere of besondere gevalle kan dus genoem word.

Spesiale melding moet gemaak word van David Benjamin Malan, gebore 1894, oorlede op 45-jarige leeftyd, en oudste seun van wyle senator J. P. Malan. Hy was die pionier-vrugteboer van „anderkant die berg." Sedert 1915 het hy op sy plaas Piedmont, in die Elgin-distrik, geboer. Dit is in 'n groot mate aan sy ondernemingsgees en versiendheid te danke dat daardie deel van die Boland vandag so uitstekend as 'n vrugte-distrik ontwikkel het.

Sy vader was eweneens 'n besondere figuur in die Suid-Afrikaanse landbou-bedryf, en verantwoordelik vir die ontwikkeling van die droëvrugte-nywerheid op Worcester. Hy was nie alleen die eerste president van die Worcesterse Kamer van Koophandel nie, maar ook die stigter van die „South African Fodder"-maatskappy op Malmesbury. Daarbenewens was hy jare lank besturende direkteur van die K.W.V. in die Paarl.

Hermanus Johannes Malan, gebore 29 April 1899, verdien ook spesiale vermelding. Sedert 1920 boer hy op Alto, in die omgewing van Helderberg, Stellenbosch, en lê hy hom toe op die produksie van tafelwyne van besondere gehalte. Sedert 1923 het die meeste van sy wynsoorte 'n goeie buitelandse mark. Veral bekend is sy Alto Rouge. Benewens hierdie prestasie is mnr. Malan bekend vir die kweek van uitstekende groentesaad. Die Bolandse boere ken dit as „Malan-saad." Mnr. Malan dien tans ook in verskeie direksies; hy is ondervoorsitter van die S.A. Saadbeurs, enig in sy soort in Suid-Afrika, en 'n koöperasie waarvoor hy hom baie jare lank beywer het.

Noemenswaardig is ook Wynand Charl Malan, van die beroemde Bolandse plaas, Salomonsvlei, wat al 114 jaar in die familie is. Hy is eienaar en teler van die Baanbreker-Frieskudde, en 'n bekende vrugtekweker.



HERMANUS JOHANNES MALAN, *Produsent van kwaliteit-tafelwynsoorte, Kweker van hoë gehalte-groentesaad, en direkteur van Boerekoöperasies.*

In die Oostelike Provinsie, op die plaas Rietfontein in die distrik Fort Beaufort boer en teel mnr. D. J. Malan opregte Friesbeeste en Wanganella-skape.

Op die Uniale Kieserslys verskyn die name van 335 Malans wat hul beroep as „boer" aanstip. Ons weet ook van etlike familielede in S.W.A., Betsjoeanaland, Rhodesië, Tanganjika en Kenia wat nog boere is. Ongeveer 30% van die Suid-Afrikaanse Malans is nog landbouers—en maak dus 'n deel uit van die ruggraat van ons volk!

Die een geslag na die ander het gekom en gegaan. Die jong land het vinnig ontwikkel en moontlikhede, uitgesonderd die boerdery, het hom weldra voorgedoen. Teen 1850.was daar Malans wat, veral in die Boland, al op die „dorp" gebly het; ander was transportryers, of manne met die een of ander beroep. Seker die eerste Malan van wie dit bekend is dat hy 'n besigheid gehad het, was Petrus Jeremias Malan, gebore 3 Julie 1808. Hy was 'n tentmaker in die Paarl—die oumense het gepraat van Piet Tent! Vandag is daar ongeveer 25 Malans wat eienaars is van private ondernemings wat wissel van kafee- tot motorhawe- en bioskoop-eienaars. Die bekendste Malan-sakeman in Transvaal is ongetwyfeld die voormalige besturende direkteur van Uniewinkels Beperk, mnr. Daniel Cillie Malan. Mnr. Malan, wat 'n direkteur van Kopersbond en Uniewinkels is, was vanaf die stigting van laasgenoemde, voorsitter van die direksie.

In Kaapland dink 'n mens weer aan mnr. P. A. Malan, van Worcester, met sy veelvuldige sakebelange. Hy is o.a. direkteur van SANLAM, SANTAM en Die Nasionale Pers, Beperk. Van laasgenoemde was hy 'n mede-stigter, asook van die Worcesterse Eksekuteurskamer, Beperk.



DANIEL GERHARDUS MALAN,
Bestuurder van Skeepvaart en Hawens.


In die tweede helfte van die negentiende eeu, maar veral in die twintigste eeu, het meer en meer Malans die landelike lewe vaarwel moes sê en ander rigtinge moes kies om 'n bestaan te maak. Daar was teen die einde van 1950 'n vyftigtal Malans in die administratiewe afdelings van die staatsdiens; ongeveer 'n veertigtal Malans is by die goudmyne aan die Rand as mynwerkers, mynopmeters, hysbakmasjiniste en geoloë werksaam. Digby die sewentig is in die diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens. Onder hulle is daar stasiemeesters, treininspekteurs, kaartjieondersoekers, kondukteurs, masjiniste, stokers, rangeerders en vakmanne.

Mnr. Daniel Gerhardus, beter bekend as Niel Malan, gebore 28 Oktober 1908, en seun van wyle prof. D. G. Malan, het 'n hoë sport in die Spoorwegdiens bereik

Malan-Sakemanne



MNR. P. A. MALAN



MNR. D. C. MALAN

toe hy in 1945 as bestuurder van Skeepvaart en Hawens aangestel is. Voordat hy in diens van die S.A. Spoorweë getree het, was hy dertien jaar aan die Departement van Handel en Nywerheid verbonde, en het hy tot hoofekonoom van daardie Departement gevorder. Hy het die Unie-regering al ses keer op buitelandse konferensies verteenwoordig.

Daar was tot dusver nog net een Malan wat die betrekking van kommissaris van die S.A. Spoorwegraad beklee het, t.w. Marthinus Lourens Malan, oud-L.V., wat sedert 1940 kommissaris was.

'n Tiental Malans is in die Departement van Gevangeniswese as bewaarders en sipiers werksaam, terwyl 'n twintigtal in die Suid-Afrikaanse Polisie is. Die man wat hom in hierdie sfeer onderskei het, was maj. Francois Nickolas Engelbertus Bernardus Malan. Hy is op 7 Desember 1895 gebore en op 25 April 1948, na 'n veelbewoë loopbaan in die Suid-Afrikaanse Polisie oorlede. Hy was hoog geag en bemind. In die loop van sy lewe het hy nie minder as sewe medaljes verower nie, etlikes waarvan tydens die Eerste en die Tweede Wêreldoorlog aan hom toegeken is. Hy is met volle militêre eerbetoon op Potchefstroom begrawe.



MAJOOR FRANCOIS NICKOLAS ENGELBERTUS BERNARDUS MALAN, *van die Suid-Afrikaanse Polisie. Gebore 7 Desember 1895, en oorlede 25 April 1948.*

Behalwe bogemelde rigtings wat deur sommige Malans ingeslaan is, het vele van hoër onderwysfasiliteite, wat in Suid-Afrika vinnig ontwikkel het, gebruik gemaak.

Die Malans het hulle besonder vroeg op die gebied van die onderwys begewe. Daar is 'n vyftigtal onderwysers en stellig 'n ewe groot getal onderwyseresse. Daarbenewens is daar agt-en-twintig wat hoofde van skole is, of was.[1] Sommige van hierdie Malans het hul stempel onuitwisbaar nagelaat op die talle leerlinge aan wie hulle onderrig gegee het. In die Vrystaat is daar stellig geen beter voorbeeld as dié van mnr. Izak Wessel Malan, wat agtereenvolgens skoolhoof op Boshof, Bethlehem en Sentraal Hoërskool, Bloemfontein, was nie. Hy het bekendheid verwerf vanweë die uitstekende resultate wat sy leerlinge in eksamens behaal het.

Een van die twee persone wat op onderwysgebied dit ongetwyfeld die verste gebring het, is Francois Stephanus Malan, gebore 2 Maart 1882, wat in 1931 waarnemende Direkteur van Onderwys in Transvaal was. Hy was skoolhoof van 1919 tot

[1] Sien bylae III.

1924 en toe van 1924 tot 1935 Sekretaris van Onderwys in Transvaal. Daarna, totdat hy in 1940 afgetree het, was hy Inspekteur van Skole.

Die tweede, dr. Wouter de Vos Malan, is op 28 Augustus 1892 in Wellington gebore. In Julie 1934 het hy Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland geword, 'n betrekking wat hy tans nog beklee.

Benewens onderwysers vind ons ook 'n vyftal Malans as lektore en lektrises aan Universiteite en Kolleges deur die Unie.

Melding behoort gemaak te word van dr. Johannes Rossouw Malan, gebore 18 Mei 1887, wat eers aan die Opleidingskollege op Graaff-Reinet lektor was, en daarna aan die Opleidingskollege, Paarl; mnr. David Daniel Malan, gebore 14 Mei 1891, wat vanaf 1926 tot 1951 lektor in sielkunde aan die Opleidingskollege te Wellington was; dr. Herman Pieter Malan, wat verbonde is aan die Fakulteit Opvoedkunde van Stellenbosch; mnr. D. J. Malan, senior lektor in Dierkunde aan die Universiteit van Pretoria, en J. P. Malan, B.A., U.O.L.M., U.V.L.M., senior lektor in musiek op Potchefstroom.

'n Malan-dogter wat verbasende baanbrekerswerk gedoen het, is Francina Susanna Malan (geb. 10 Maart 1872, oorlede 25 Junie 1935), die oudste suster van dr. D. F. Malan. Sy is in 1894 met ds. A. A. Louw getroud en is saam met hom na Masjonaland.

Een-en-veertig jaar lank het sy haar toegelê op die studie van die toe nog ongeskrewe taal van die Vakaranga-volk. Later het uit haar pen verskyn 'n grammatikaboek vir hierdie taal, en ook 'n uitgebreide woordelys in Chikaranga. Dit word tot vandag nog as 'n standaardwerk beskou. 'n Aantal jare lank het sy ook haar eggenoot gehelp met die vertaling van Die Bybel in Chikaranga. Daarbenewens het sy 22 jaar lank 'n naturelletydskrif met die naam *Munyai Washe* geredigeer. Sy het ook baie liedere in dié taal vertaal en boekies en traktaatjies geskrywe.

In later jare het sy gedien in 'n Kommissie wat eenvormigheid aan die Chikaranga-taal sou gee, sodat die sprekers van alle dialekte van hierdie taal, van die Chikaranga-Bybel gebruik kan maak.

Interessant van hierdie Malan-dogter is dat sy saam met genl. Smuts op Riebeeck-Wes op skool was en wel in dieselfde klas. Soms was genl. Smuts eerste en soms sy!



FRANCINA SUSANNA MALAN, *gebore 10 Maart 1872, oorlede 25 Junie 1935, die oudste suster van dr. D. F. Malan.*



DR. MAGDALENA ELIZABETH MALAN, D.SC.,
lektrise in dierkunde aan die Universiteit van Stellenbosch.

Spesiale melding moet hier gemaak word van mej. Magdalena Elizabeth Malan, gebore 19 Desember 1917, dogter van ds. F. S. Malan, van Wynberg, wat in 1945 die doktorsgraad in Dierkunde aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het, waar sy ook tans lektrise is. Sy is die enigste Malan-dame in Suid-Afrika met 'n doktorsgraad!

Dr. Wouter Malan was net vir die jaar 1929 professor in Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, maar professor Avril Irè Malan, gebore 31 Mei 1898, was professor in Biochemie aan die Universiteit van Pretoria van 1929 tot 1945 toe hy die staatsdiens verlaat het. Sy navorsingswerk in Biochemie en Voeding, wat internasionale erkenning verkry het en wat meer as 60 wetenskaplike publikasies beslaan, het hom die doktorsgraad in wetenskap (D.Sc.) besorg. Ook is die Havenga-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1949 aan hom toegeken op grond van hierdie werk. Tans is hy lid van die Volksraad, ook voorsitter van die direksie van Volkskas Beperk en direkteur van verskeie ander maatskappye.

Daniel Gerhardus Malan, gebore 23 Maart 1880, wat in 1906 gelegitimeer en as predikant georden is, is later in 1930 as professor in Teologie op Stellenbosch aangestel. Hy is op 3 Maart 1937 oorlede.

Dr. Gabriel Hercules Theodorus Malan, gebore 5 Desember 1886, is professor in Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te Bloemfontein.

Alwyn Petrus Malan, gebore 21 Maart 1907, is professor in Wiskunde aan dieselfde Universiteit, en dekaan van die fakulteit vir Natuurwetenskappe.

Dr. David Edward Malan, gebore 18 Februarie 1889, is professor in Dierkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy is, wat dienstyd betref, die oudste professor aan genoemde Universiteit en was die eerste persoon in Suid-Afrika wat 'n meestersgraad in Dierkunde ontvang het!


Vele het dus al presteer op die gebied van primêre, sekondêre en hoër onderwys; onder die huidige geslag is daar ongetwyfeld manne en vroue wat nog sal presteer en onder die opkomende geslag ontbreek talent geensins nie.

Om maar drie voorbeelde te noem: Jan Cillie Malan, gebore 28 Oktober 1931, het in 1948 eerste gestaan van alle matrikulante in Kaapland, en Dawid Johannes Malan was op dieselfde wyse in 1940 eerste in Transvaal. Francois Stephanus Malan

Malan-professors



PROF. D. G. MALAN
Teologie.



DR. G. H. T. MALAN
Wysbegeerte.



DR. D. E. MALAN
Dierkunde.

Malan-professors



DR. W. DE V. MALAN
Opvoedkunde



DR. A. I. MALAN
Bio-chemie.



PROF. A. P. MALAN
Wiskunde.

het verlede jaar die Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë se goue medalje, wat in 1906 ingestel is, verower omdat hy die vakleerling was wat die hoogste punte in die Uniale eksamen behaal het.

Daar kan bygevoeg word dat aan die einde van 1950 ongeveer 'n 100 Malans aan Suid-Afrikaanse universiteite en kolleges as studente geregistreer was.

Benewens onderwysers en ander Malans wat boeke geskryf het, het verskeie hulle in die joernalistiek begewe. Ongetwyfeld een van die eerstes op hierdie gebied was Charles Stephen Malan, gebore 13 Augustus 1877, wat, in 1914 die regsberoep vaarwel gesê het en te Potchefstroom *Die Westelike Stem* gestig en byna sonder onderbreking tot sy dood in 1938 geredigeer het. In tydskrifte van enige denkbare aard verskyn daar dikwels artikels deur Malans wat wissel van populêr-wetenskaplike tot ontspanningsleesstof. In hierdie verband moet besondere melding gemaak word van Jacques Malan, seun van wyle sen. J. P. Malan, van Worcester, wat bekend geraak het as een van Suid-Afrika se knapste joernaliste en assayiste. Hy was onder andere verbonde aan die eerste Suid-Afrikaanse Uitsaaidiens, die AFRICOPA-diens, en daarna tot 1944, redakteur van TREK. Ook was hy, saam met dr. F. E. J. Malherbe, een van die stigters van die letterkundige tydskrif *Ons Eie Boek*. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is hy oorsee en was hy oorlogskorrespondent in Europa. Sedertdien het hy hom aan die joernalistiek onttrek, tot die sakewêreld toegetree en is hy verantwoordelik vir die oorplasing van 'n aantal groot vastelandse nywerhede na die Unie.

Henricus Recht Malan, gebore 23 Oktober 1901, was van 1926 tot 1944 lid van die redaksie van *Die Burger*. Hy het dit gebring tot onder-hoofredakteur. Tans is Recht Malan besturende direkteur van Die Nasionale Pers, Beperk, voorsitter en besturende direkteur van die Nasionale Boekhandel, Beperk, die Nasionale Handelsdrukkery Beperk, en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Persvereniging.

Etienne George Malan, seun van prof. G. H. T. Malan, is eweneens bekend in joernalistieke kringe. Hy is kort na 1943 as redakteur van *Die Kruithoring* aangestel, 'n betrekking wat hy in 1948 bedank het. Tans is hy redakteur van *Ons Blad* en *Challenge*.

Daniel Gerhardus Malan het dit ook op die gebied van die joernalistiek vér gebring. Vandag beklee hy die belangrike betrekking van nuusredakteur by *Die Transvaler* in Johannesburg.

Benewens hierdie uitstaande figure is daar by koerante en tydskrifte in Suid-Afrika 'n vyftal Malans werksaam as verslaggewers.

Die Malans het egter ook heelwat, en miskien in verhouding, besonder baie bygedra tot die aanvulling van die Suid-Afrikaanse boekery—'n bydrae waarop hulle besonder trots kan wees. Daar het tot einde 1950, 55 boeke verskyn wat deur Suid-Afrikaanse Malans geskryf is! Die eerste boekie *Dit is ons Ernst* het in 1908 verskyn en was geskryf deur niemand anders nie as die huidige Eerste Minister. Die eerste Malan-dame wat haar op hierdie gebied begeef het, was sy suster, Ester Gertruida Malan (mev. B. F. Barnard), uit wie se pen *Deur 'n Geleende Bril* in 1926 verskyn het.[1]

[1] Sien bylae II.




HENRICUS RECHT MALAN
Besturende direkteur van die Nasionale Pers Bpk. en filiaal-maatskappye— Skrywer en joernalis.



JACQUES MALAN
Sakeman en direkteur van maatskappye— Skrywer, joernalis en essayis.



DANIEL GERHARDUS MALAN
Nuusredakteur van Die Transvaler.



MNR. J. H. MALAN,
voormalige argivaris in Bloemfontein.
Geskiedkundige en skrywer.

Op die gebied van die gespesialiseerde wetenskappe het die Malans ook goed gepresteer, en hul name sal baie jare lank onthou word.

Daar is skeikundiges, ingenieurs, fisici, landboukundiges en so meer. 'n Paar in die twintig Malans het byvoorbeeld grade in die ingenieurswese, of is as ingenieurs gekwalifiseer.

Spesiale melding moet hier gemaak word van Stephanus Abraham Malan, op 28 Januarie 1895 in die Paarl gebore. Hy is as ingenieur in diens van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESCOM) en het 'n leidende rol gespeel in die ontwerp van kragsentrales en die algemene ontwikkeling van elektrisiteitsvoorsiening deur die land.

Dr. Petrus Francois Malan, gebore 12 September 1907, is Hoofnavorsingsbeampte in 'n privaatonderneming op Stellenbosch. Hy is 'n deskundige op die gebied van vrugteteelt en die toediening van rots- e.a. fosfate tot grond. Hy was vroeër werksaam in die Departement van Landbou. Van hierdie departement het hy 'n beurs gekry om in Kalifornië te gaan studeer.

Dr. Jacques Malan, gebore 14 Julie 1898, is navorsingsbestuurder van die Modderfonteinse Dinamietfabriek.

Pierre Simond Malan, gebore 21 November 1896, is 'n skeikundige in Kaapstad. Hy is bekend vir sy stigting van 'n nuwe Suid-Afrikaanse nywerheid, nl. die bereiding van Agar-agar uit seegras. Hy is ook voorsitter van die Kaapstadse tak van die Vereniging van Wetenskaplikes vir Suidelike Afrika.

Dr. David Johannes Malan, gebore 12 April 1905, is sedert 1946 by die Bernard Price-Instituut vir Geofisika in Johannesburg as senior navorser werksaam. Sy werk in verband met die meganisme en ontstaan van weerlig en bliksem is wêreldbekend, en daar word oorsee met die grootste lof van hom gepraat. Behalwe vir die feit dat hy lid is van die S.A. Akademie en Fellow of the Royal Society of S.A., het hy tot dusver 16 publikasies oor sy werk die lig laat sien. Daarbenewens het hy twee fotografiese en een elektroniese apparaat vir weerligopnames ontwerp. Die een fotografiese apparaat werk op 'n heeltemal nuwe beginsel en het baie belangstelling in wetenskaplike kringe oor die hele wêreld gewek.

Barend Daniel Brummer Malan, gebore 15 September 1910, is 'n bekende argeoloog verbonde aan die afdeling Argeologiese Opname, Unie-Onderwysdeparte-


Malan-Wetenskaplikes



MNR. S. A. MALAN
Elektro-tegnikus.

MNR. P. S. MALAN
Skeikundige.






DR. J. MALAN
Skeikundige.



DR. D. J. MALAN
Geo-fisikus.



DR. P. F. MALAN
Landboukundige.



MNR. B. D. B. MALAN
Argeoloog.

ment, Universiteit van die Witwatersrand. Hy het reeds 25 publikasies oor hierdie interessante onderwerp die lig laat sien.

'n Hele aantal Malans het as predikante of sendelinge in diens van die drie Afrikaanse Kerke getree, en 'n paar as evangeliedienare van ander Kerkgenootskappe. Dit is een van die families wat die meeste predikante opgelewer het, en daar was al gelyktydig meer Malan-predikante in die bediening as enige enkele ander familie. Daar het al 9 as sendelinge gekwalifiseer, 22 as predikante en drie staan in diens van ander Kerkgenootskappe.[1]

Die eerste Malan-predikant was George Stephanus Malan, gebore 12 April 1861. Hy is in 1886 georden, was baie jare lank redakteur van *Die Kerkbode*, het in 1918 sy emeritaat aanvaar en is oorlede op 6 Desember 1931. Daniel Francois Malan, die huidige Eerste Minister, was die eerste Malan wat 'n doktorsgraad in die Godgeleerdheid verwerf het—en hy is tot vandag toe nog die enigste wat hierdie onderskeiding behaal het.

Uit die pen van ds. F. J. Berning Malan het vier vertalinge van boeke en drie oorspronklike werke verskyn. Dit is meer as van enige ander Malan-predikant sover.

Benewens hierdie geordende kerkdienare het daar sedert die vroegste geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Malans, lede van die familie in kerkrade gedien. Vandag is die toestand geensins anders as wat dit toe was nie. In hierdie verband moet spesiale melding gemaak word van twee persone: komdt. Johannes Lodewicus Malan, gebore 5 Oktober 1871 en oorlede 14 April 1951, wat 12 jaar lank ononderbroke ouderling op Potgietersrus was en 12 Ringsittings en drie Sinodes as afgevaardigde bygewoon het. Hy het ook 9 jaar lank in die Sinodale Kommissie gedien.

Mnr. Daniel Cillie Malan, gebore 13 Augustus 1888, was 33 jaar lank ononderbroke diaken en ouderling, eers in die N.G.-gemeente Eloffsdal en daarna op Pretoria-Noord. Hy is ook dikwels gekies as afgevaardigde na die Ringsitting en Sinode. Al die jare wat hy in hierdie twee kerkrade was, het hy in hul Finansiële Komitees gedien en was dikwels die voorsitter.

'n Heel spesifieke rigting waarin die Malans sedert die afgelope 50 jaar belangstel, is die mediese wetenskap. Elf Malans[2] praktiseer tans in Suid-Afrika as mediese dokters. Twee is spesialiste, en drie is oorlede, asook die enigste Malan-tandarts wat daar was, nl. dr. Christiaan Rabie Malan, wat op 24 Augustus 1894 gebore is, en tot sy dood in 1945 as tandarts in Vereeniging gepraktiseer het.

Dr. David Johannes Malan, gebore 16 November 1888, praktiseer te Durban as vroue-spesialis. Sy spesialiteit is Verloskunde en Gynekologie. Hy het in Dublin gestudeer en het belangrike mediese betrekkings in Skotland en Engeland beklee voordat hy na sy vaderland teruggekom het.

Dr. Hermanus Johannes Malan, gebore 5 Februarie 1885, praktiseêr as oor-, neus- en keelspesialis in Pretoria.


Dr. Susanna Catharina Maria Malan (mev. dr. Van der Merwe), woonagtig in Randfontein, het in 1949 die graad M.B. Ch.B. aan die Universiteit van Kaapstad

[1] Sien bylae III.
[2] Sien bylae III.

Malan-Spesialiste



DR. H. J. MALAN
Oor-, Neus- en Keelarts.



DR. D. J. MALAN
Vrouespesialis.



DR. S. C. M. van der Merwe, geb. MALAN
Narkotiseuse.



DR. ERNEST THOMAS FREDERICK MALAN, 1874–1939.
Baanbreker op die gebied van die Elektrogeneeskunde.

Jacobus du Toit Malan, gebore 21 April 1882, het tot sy dood op 29 Junie 1937 in Johannesburg gepraktiseer. Hy was die jongste broer van die huidige Eerste Minister.

Op ander gebiede, verwant aan die geneeskunde, is die Malans maar skaars. Melding kan gemaak word van dr. Willem du Toit Malan, gebore 28 September 1925, wat op Bethal as veearts praktiseer. Hy is, sover nagegaan kan word, die enigste Malan-veearts in die Unie.

Mnr. Edwin Peter Malan, gebore 27 Januarie 1911, het vroeër in Johannesburg as masseur gewerk, en mej. Leonora Malan, gebore 22 November 1911, praktiseer in Parow naby Kaapstad, as fisio-terapeut.

Op die gebied van die Regswetenskap het die Malans gepresteer. Een het behaal. Sy is die enigste Malan-dame wat medikus is en het op 1 Augustus 1951 na Engeland vertrek om in die toediening van narkose te spesialiseer.

Drie mediese dokters uit die familie is al oorlede, t.w. dr. E. T. F. Malan, gebore 2 Mei 1874, wat in Britstown, Malmesbury en Wellington gepraktiseer het en in 1939 oorlede is. Hy het na 1921 oorsee 'n studie van die elektro-geneeskunde gemaak en was 'n meester en baanbreker op dié gebied.

Dr. G. D. Malan, gebore 8 Januarie 1860, het in Wellington gepraktiseer van 1896 tot sy dood in 1913. Hy was, afgesien van die feit dat hy die eerste Malan-geneesheer in Suid-Afrika was, ook baie bemind in Wellington.



SY EDELAGBARE ALFRED CHRISTO MALAN, K.C.,
regter van die Transvaalse Hooggeregshof.

regter van die Hooggeregshof geword, nl. regter Alfred Christo Malan, gebore 25 Desember 1889. Hy is in 1938 tot die regbank toegelaat, nadat hy van 1919 af in Pretoria as advokaat gepraktiseer het. Daar was ook al 'n paar Malan-magistrate in die Unie, t.w. mnr. George Malan, van Somerset-Wes, en sy broer, Hendrik Jacobus, wat in 1942 oorlede is. Charles Stephen Malan, gebore 13 Augustus 1877, en broer van die agbare regter, was ook 'n hoogaangeskrewe Malan-magistraat. In sy finale eksamen het hy nie alleen die hoogste aantal punte in die Unie behaal nie, maar ook is hy die jongste magistraat wat nog in die Unie aangestel is: hy was 23 jaar oud! Daarbenewens was hy 'n outoriteit op die gebied van die Romeins-Hollandse Reg. Hy het tot 1914 as prokureur gepraktiseer.

Wyle die Edele senator F. S. Malan, en die agbare regter, was die enigste Malans wat as advokate gepraktiseer het. Laasgenoemde was 'n K.C., en eersgenoemde was sedert 1919 'n „Privy Councillor" van die Britse Kroon en van Suid-Afrika. Sy jonger broer, wyle minister Charl Wynand Marais Malan, gebore 8 Augustus 1883, was 'n prokureur in Humansdorp, K.P. Vandag is daar 8 Malans wat as prokureurs praktiseer.[1]

In die politieke geskiedenis van Suid-Afrika het die Malans nie net besonder goed gepresteer nie, maar ook tot die konstitusionele ontwikkeling van die land bygedra. Toe die eerste Grondwet van die Z.A.R. op 19 Februarie 1858 goedgekeur is, was Hercules Philippus Malan lid van die Volksraad, en hy het tot die einde van die sitting in 1859 as Voorsitter van die Raad gedien. Hy was later Kommandant en Naturellekommissaris van Rustenburg. Jacob Jacobus Malan is in 1855 as lid vir Lydenburg gekies, maar hy wou die ampseed nie aflê nie. In Augustus 1860 is hy weer gekies en toe het hy tot 1873 in die Raad gedien.

In 1882 is Jacobus Marthinus Malan gekies om Rustenburg in die Volksraad te verteenwoordig. Hy was tot twee jaar voor sy tragiese dood in 1902, lid, d.w.s. 18 jaar lank.


In 1900 het Francois Stephanus Malan, gebore 12 Maart 1871, lid vir Malmesbury van die Wetgewende Vergadering van die Kaapkolonie geword. Na Unie in 1910 was hy minister in die Unie-kabinet tot 1924. In 1927 is hy as senator gekies. Hy was op drie geleenthede waarnemende Eerste Minister: een keer toe genl. Botha siek was, daarna toe veldmaarskalk Smuts by die Versailles-konferensie was, en 'n derde keer toe veldmaarskalk Smuts by die Imperiale Konferensie was. In 1940 word hy President van die Senaat en op 31 Desember 1941 is hy in sy amp oorlede. Veertig jaar lank was hy ten nouste aan die politieke lewe in Suid-Afrika verbonde. Hy was gereken as een van ons leidende staatsmanne. Sy uiters interessante en veelbewoë lewe is in 1946 deur sy dogter, mev. Bettie Cloete, te boek gestel.[2]

Charl Wynand Marais Malan, gebore 8 Augustus 1883 en broer van senator F. S. Malan, hierbo genoem, het in 1915 lid van die Unie-Volksraad geword en in 1924 Minister van Spoorweë en Hawens. Hy was 'n geliefde en begaafde politikus en is op 50-jarige leeftyd oorlede. Sy plotselinge heengaan het as 'n groot slag vir die hele volk gekom.

---

[1] Sien bylae III.
[2] Sien bylae II.

Malans in die Unie-Parlement, Maart 1929



Voor v.l.n.r.: SENATOR F. S. MALAN, SENATOR J. P. MALAN, SY ED. DR. D. F. MALAN, *Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys.*
Agter v.l.n.r.: SENATOR D. J. J. MALAN, SY ED. C. W. M. MALAN, *Minister van Spoorweë en Hawens*, MNR. M. L. MALAN, L.V.

Marthinus Lourens Malan, gebore 4 Julie 1872, het in 1910 L.P.R. van Heilbron, O.V.S. geword, en in 1915 is hy tot L.V. gekies—'n amp wat hy tot 1939 beklee het.

Daniel Francois Malan, gebore 22 Mei 1874, het hom op Stellenbosch in die teologie bekwaam. Daarna is hy na Nederland waar hy die doktorsgraad in dié vak behaal het. Terug in Suid-Afrika was hy vanaf 1905 predikent. Hy het egter in 1915 op versoek van 'n hele aantal Afrikanerleiers, o.a. pres. Steyn, die kansel vaarwel toegeroep en die eerste hoofredakteur van *Die Burger* geword, waar hy as 'n vurige pleitsbesorger vir die Afrikanersaak opgetree het. Hy was 'n fyn en begaafde joernalis. Hy was trouens een van die leiers van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. In 1918 word hy gekies tot volksraadslid vir Calvinia, 'n setel wat hy twintig jaar behou het. In 1924 word hy in die Hertzog-kabinet Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys, 'n portefeulje wat hy tot 1933 beklee het toe genl. Hertzog en veldmaarskalk Smuts 'n koalisie-regering gevorm het. Dr. Malan was egter nie bereid om 'n deel aan die nuwe regering te hê nie, en het as Leier van die Nasionale Party in opposisie gegaan. Na 15 jaar het hy in 1948 Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika geword en daardeur die hoogste sport in die Suid-Afrikaanse samelewing bereik. Die Europese Malans is die mening toegedaan dat hy die eerste Waldenser is wat aan die hoof van die regering van 'n land staan.



IMMANUEL DAVID MALAN, *gebore 5 Oktober 1903, oorlede 1932. Seremoniemeester van die Swarte Roede van die Senaat van die Unieparlement—1930 tot 1932.*

In die jaar 1918 is Jacobus Petrus Malan, gebore 13 September 1865, tot senator gekies, 'n amp wat hy tot 'n jaar voor sy dood op 21 April 1942 beklee het. Hy was 'n besondere figuur in die Suid-Afrikaanse politiek, in die handelswêreld en in die ekonomiese lewe. Sy heengaan was 'n groot verlies vir Kaapland.

Dan was daar nog Daniel Jacobus Johannes Malan, gebore 6 Mei 1873, wat in 1914 L.P.R. vir Bethlehem in die O.V.S. geword het, en in 1924 tot senator in die Unie-Parlement gekies is.

In 1933 is Stephanus Francois Malan, broer van die huidige Eerste Minister, tot L.P.R. vir Malmesbury gekies, 'n amp wat hy tot 1943 beklee het.

Die jongste drie Malan-toevoegings tot die politieke lewe van Suid-Afrika, is dr. Avril Irè Malan, gebore 31 Mei 1898, wat in 1948 tot L.V. vir Gezina, Pretoria

gekies is; Johannes Nicolas Malan, wat op 8 Augustus 1903 gebore is, en in 1949 as L.P.R. vir Humansdorp gekies is, en Martin Petrus Albertus Malan, gebore 2 November 1902, wat in dieselfde jaar as L.P.R. vir Bloemfontein-distrik gekies is. Laasgenoemde is 'n afstammeling van die Groot Trek-Malans.

Hoewel daar vandag Malans as vliegeniers, soldate en grondpersoneel in die Unie-Verdedigingsmag is, is dit nie 'n rigting waarin die Malans op groot skaal belang gestel het nie. Volgens die kieserslys was daar aan die einde van 1950 slegs 10 Malans in die Unie-Verdedigingsmag. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het 'n paar Malans hulle onderskei. Maj. G. S. C. Malan het die D.S.O. in 1918 ontvang, terwyl luitenant J. P. B. Malan in 1919 die Militêre Kruis, en manskap B. D. J. Malan die D.C.M. ontvang het.

Adolf Gysbert Malan, gebore in 1910, of „Sailor Malan," soos hy algemeen bekend is, en sy prestasies in die Britse Royal Air Force gedurende die afgelope Wêreldoorlog (1939-1946), verdien vermelding. Hy was nie net 'n besonder bedrewe vliegenier en instrukteur nie, maar ook 'n taktikus van naam. Hy het talle eretekens gedurende die tweede Wêreldoorlog ontvang, waaronder die Medalje van die Franse Legioen van Eer.

Wanneer daar egter 'n stryd vir hul land en die vryheid van hul volk te stry was, het die Malans nie op hulle laat wag nie.

Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog van die Z.A.R. het die Malans dapper geveg, en hul name is, veral na die slag van Amajuba, eervol vermeld. Toe die Tweede



GENERAAL WYNAND CHARL MALAN.
Die Grootste Malan-figuur uit ons Vryheidsstryd.
Gebore 16 Augustus 1872.

Vryheidsoorlog in 1899 uitbreek, het feitlik alle Malans wat kon veg, by die Boerekommando's aangesluit, en 'n paar se name is verewig in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Die grootste Malan-figuur uit ons Vryheidstryd is ongetwyfeld Wynand Charl Malan, wat op 16 Augustus 1872 op Beyersfontein, in die distrik Murraysburg, gebore is, en wat bekend geraak het as een van die dapperste en suksesvolste Boeregeneraals. Hy is terloops ook die enigste veg-generaal van daardie stryd wat nog lewe! Wynand Malan het volgens landswet Transvaalse burgerskap verwerf kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, toe hy as vrywilliger deelgeneem het aan krygsverrigtinge teen M'Pefu, 'n Kafferkaptein in Soutpansberg.[1] Hy het hom, soos sy boesemvriend, genl. Manie Maritz, hoofsaaklik by die gevegte in Kaapland bepaal. Hy het op die heel onderste sport begin as gewone burger, en geklim tot generaal. Hy het met onderskeiding by Tugela geveg, onder Danie Theron opgang gemaak, en onder andere alleen en eiehandig 'n vyandelike trein, belaai met soldate, gevang. Hy beleef spannende avonture onder generaal De Wet en gaan Kaapland binne, hoewel die vermaarde genl. De Wet moes omdraai. Met 'n handjievol burgers dien hy die vyand die een nederlaag na die ander toe en bars deur linies van die vyand wat streep-streep bly lê. Sy onderneming wat na 'n wanhoopsdaad gelyk het, word en sal voortleef as 'n triomfantelike tog, en as een van die grootste wapenfeite in die geskiedenis van die hele oorlog.

Generaal Malan het in 1907 saam met ander lede van die familie na Tanganjika verhuis.

Die enigste ander Malan-generaal was die oue heer H. P. Malan, van Rustenburg, wat kort voor sy dood as veg-generaal aangestel is.

Ook bekend uit daardie dae is kommandant Abraham Hugo Malan, gebore 9 Augustus 1860, en jonger broer van genl. Malan se vader. Hy was getroud met genl. Piet Joubert se dogter, Hendrina.

Verder moet eervolle melding gemaak word van luitenant Johannes Lodewicus Malan,[2] gebore 5 Oktober 1871, en sy oudste broer, luitenant Wynand Charl, gebore 22 Junie 1868, wat as offisiere in die Staatsartillerie die Tweede Vryheidsoorlog meegemaak



LUITENANT JOHANNES LODEWICUS MALAN, *van die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Gebore 5 Oktober 1871, en oorlede 14 April 1951.*

[1] Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan deur H. J. C. Pieterse.
[2] Volledige lewensbeskrywing in *Fleur* van Mei 1948.

het. Eersgenoemde het later kommandant van die distrik Naboomspruit geword. Hy is op 14 April 1951 in Pretoria oorlede, en laasgenoemde reeds in 1914 in Texas, V.S.A.

Daar was ook ander Malan-offisiere in die Boeremagte, 'n aantal korporaals, en 'n honderdtal manskappe. Etlikes was in die kampe op Ceylon en St. Helena, en 'n paar het gesneuwel, o.a. by Spioenkop, Dullstroom en Doornpoort. Menige Malan-vrou en kind was in die konsentrasiekampe, en vele het dáár die lewe gelaat.

Hierdie hoofstuk word afgesluit met besonderhede oor ons Malan-sportmanne. Prestasies op hierdie gebied word egter nie lank onthou nie en min mense van een geslag onthou die sportkonings van die vorige geslag.

Uit die honderde Malans wat aan alle sport-vertakkinge deelgeneem het of nog deelneem, wil ons net voor ons by diegene kom wat minstens provinsiale status bereik het, die naam noem van Johannes Lodewicus Malan, voorheen al gemeld, wat in 1897 al 'n geesdriftige rugbyspeler was. Saam met Jopie Fourie het hy vir die Pretoriase rugbyspan voor gespeel.

Na hom het baie Malans in rugby gepresteer, maar weinige het provinsiale status verwerf. Die enigste Springbok op hierdie gebied is die onderwyser Piet Malan, van Johannesburg, wat in 1949 sy kleure teen die All Blacks gekry het.

Malan, soos baie ander name, herhaal hom nie dikwels as moedersnaam onder die Springbokke nie (net Bob Loubser, Japie Louw en Michau se moeders was Malans), maar in die tweede, derde en vorige geslagte wemel dit in talle Springbokke se geslagregisters. Daar was tot dusver dertig Springbokke met Malan-bloed in hulle are.[1]

Daniel Johannes Malan, tans prokureur op Vereeniging, het van 1929 tot 1935 vir Westelike Provinsie rugby gespeel. En dan is daar Jan Gysbert Malan, tans hoof van die Voortrekkerhoërskool, Wynberg, wat vir Griekwas gespeel het, en drie jaar agtereenvolgens victor ludorum van die Universiteit Stellenbosch was—'n prestasie wat nog net een keer geëwenaar was of is.


Hercules Phillippus Malan, van Pretoria, het in die jare 1942, 1943, en 1947 vir Wes-Transvaal gespeel, asook Alwyn Petrus Malan, van Potchefstroom, wat verskeie kere vir dieselfde Rugby-distrik op die veld gedraf het.

Die eerste Malan wat op die atletiekveld gepresteer het, was D. D. Malan wat in 1912, 1913 en 1920 die Westelike Provinsie-kampioenskap vir verspring verower het.

Op sportgebied het Edwin Peter Malan, gebore 27 Januarie 1911, egter die meeste uitgeblink. In 1930 het sy atletiekloopbaan begin en hy het een van Suid-Afrika se beste alsydige atlete geword. Sedertdien het hy in hoogspring, spiesgooi en werpskyf, sewe keer provinsiale rekords verower, afgesien van die kere wat hyself rekordhouer was en net op sy eie rekord verbeter het. In April 1937 het hy sy eerste S.A. kampioenskap in spiesgooi verower. Vroeg die volgende jaar, 1938, slaan hy egter die Suid-Afrikaanse diskusgooi-rekord. Albei sy spiesgooi- en diskusrekords het tot 1950 gestaan toe 'n Amerikaner daarop verbeter het.

[1] Vgl. Danie Craven P.S. in *Die Huisgenoot* van 13 Julie 1951.

Malan-Sportmanne



EDWIN PETER MALAN



JACOBUS FRANCOIS BEYERS MALAN



ELFRANCO MALAN



PIETER MALAN

In April 1938 het hy die Suid-Afrikaanse Kampioenskap in diskusgooi te Kaapstad verower. 'n Paar jaar later, in 1947, het hy werklik atletiek-geskiedenis in Bulawayo gemaak deur, saam met sy vrou, albei diskuskampioenskappe vir Suid-Afrika te wen en nuwe Rhodesiese rekords op te stel.

Tot 1950 het hy 25 jaar aan senior kompetisies deelgeneem en 21 jaar aan Suid-Afrikaanse en provinsiale kampioenskappe—'n rekord vir enige atleet!

Maj. F. N. E. B. Malan, reeds in 'n ander verband genoem, het ook as sportman uitgeblink. Provinsiale status het hy nie bereik nie, maar hy was Oostelike Provinsie se kampioen-atleet, en houer van die rekords oor 100 tree, 440 tree en een myl.

Ander uitblinkers was Jacobus Francois Beyers Malan, gebore 21 Mei 1917. Hy was in 1938 die Suid-Afrikaanse hoogspring-kampioen, en van 1938 tot 1941, en weer van 1943 tot 1945, die hoogspring-kampioen van die Oranje-Vrystaat. In 1942 het hy die vérspringtitel op die Vrystaatse kampioenskappe verower, asook die 120-tree hekkies. In 1942 was hy weer die kampioen vir die Vrystaat, in sowel die 120- as 220-tree-hekkies.

Avril Stèphan Malan, gebore 9 April 1937, het die onderveertien-tenniskampioenskap van Noord-Transvaal in 1951 te Pretoria verower. Hy speel ook in die onder-vyftien-rugbyspan van Noord-Transvaal van 1951.

Elfranco Malan, gebore 1935, het tydens die Suid-Afrikaanse Junior kampioenskappe in 1951 flink gepresteer. Hy is die Vrystaatse ondersewentien-werpskyfkampioen. Hy het die vorige rekord van 146 vt. 6 dm. oortref deur 'n gooi van 151 vt. 3 dm.!


Ook het van die Malan-dames mooi op die hokkieveld gepresteer. Reeds in 1930 met die besoek van die All England-hokkiespan, het Cornelia Johanna Catharina Malan, toe van Wellington, vir die Westelike Provinsie gespeel. Die jongste prestasie is dié van Elsa Ena Malan, van Pretoria, wat Noord-Transvaal gedurende die jare 1948 tot 1951 verteenwoordig het. Vanjaar (1951) is sy onder-kapteine, en sy het verlede jaar teen Engeland en Ierland gespeel. N. Malan het in 1950 vir die Boland gespeel.

'n Mens kan jou gedagtes in enige moontlike rigting laat gaan, en min gebiede sal opgenoem kan word waar 'n Malan nog nie presteer het nie. In die 263 jaar wat hulle in Suid-Afrika is, het hulle in ieder geval getoon dat hulle 'n aanwins vir die land is.


Dit kan met reg gesê word dat die Malans 'n verteenwoordigende Suid-Afrikaanse familie is. 'n Mens tref hulle aan in die vernaamste party-politieke rigtings in Suid-Afrika; hoewel hul huistaal byna uitsluitend Afrikaans is, is daar tog enkele Engelssprekende Malans; hulle is verteenwoordig in al drie die Afrikaanse Kerke, hulle is boere, professionele mense, wetenskaplikes, ambagsmanne . . . Ja, in alle sfere van die samelewing word hulle aangetref. Hul naam is ook verewig in Suid-Afrika deur plekke wat na hulle vernoem is en op monumente waarop hul name gegrafeer is. Hercules, die dorpie wat onlangs deur Pretoria ingelyf is, heet na kommandant Hercules Philippus Malan, van Rustenburg.

Die klein spoorwegstasietjie MALAN, 'n paar myl noord van Wellington, heet na David Jacobus Malan, wat op die plaas Driefontein geboer het.


Malan-Sportmanne




AVRIL STÉPHAN MALAN



HERCULES PHILIPPUS MALAN



DANIEL JOHANNES MALAN



JAN GYSBERT MALAN

Een van die spruite in Natal, waar die Trekkers net voor die gruwelike Blaauwkrans-moorde laer geslaan het, heet Malanspruit.[1] Etlike dorpe en stede soos, Pretoria, Rustenburg, Kaapstad en Wellington, het 'n Malanstraat. Vele openbare geboue en hoekstene is deur Malans gelê, sommige geboue en skole dra die naam van een of ander beroemde Malan, en op 'n paar monumente, bv. die Retief-monument by Dingaanstat, is die name van Malans uitgebeitel. Op Doornpoort 550, naby Koster, staan 'n pragtige monument uit blou graniet ter ere van Jacobus Marthinus Malan, Voortrekker, Volksraadslid van die Z.A.R., boer en onverskrokke krygsman, wat in 1901 op tragiese wyse om die lewe gebring is.[2]

Die Malans se geskiedenis in Suid-Afrika is nie dié van Heiliges nie, maar van mense, interessante mense wat, in die algemeen geneem, altyd na iets beters gestrewe het. Party het hoogtepunte bereik . . . en leiers geword. Ander het miskien nie die geleentheid gehad om hulle te onderskei nie, maar hulle is die volk, die gesonde kern van ons land; en nie die leiers nie. Altwee is daar deur die Voorsienigheid van God.

[1] Vgl. *Voortrekkermense I*, bld. 22; *Malan-slootjes* en *Piet Retief* bld. 226.
[2] Volle lewensbeskrywing in *Die Naweek* van 9/9/1948.

DIE MALAN-SEËL



HOOFSTUK VII

Die Familiewapen en -Seël

DIE oorsprong, betekenis, simboliek en ontwikkeling van familiewapens en -seëls vorm die vernaamste afdeling van 'n interessante wetenskap wat bekend staan as die Heraldiek. Dis 'n wetenskap wat feitlik geheel-en-al verdwyn het en 'n studie wat vandag in dieselfde lig as die studie van dooie tale beskou word.

Presies waar en wanneer en met watter doel familiewapens die eerste tot stand gekom het, is 'n saak waaroor daar al veel geskryf en selfs getwis is. Die populêrste opvatting is dat, aangesien die mens, hoe primitief hy ook al mag wees, sedert die vroegste jare van sy bestaan 'n sekere drang na die dekoratiewe gehad het, hy mettertyd die skild wat deel van sy wapenrusting was, ook versier het. 'n Man se wapens was sy besversorgde besittings, en soos meer as een legende bewys, byna sy grootste liefde en trots. Gevolglik, en ook weens die sentimentele en romantiese neiginge van die mens, is ontwerpe en versieringe op 'n skild in ere gehou en om persoonlike en godsdienstige redes van geslag tot geslag oorgedra.[1]

Op die wapenskild van die ou Waldensiese Malans was oorspronklik net 'n kasteel met twee torings—blykbaar omdat hul leuse as Christene sedert die heel vroegste jare was: „Deus arx mea"—God is my Vesting. Die skild was in twee gedeel: die boonste deel rooi en die onderste deel goud. In die boonste gedeelte was die kasteel met die twee torings silwer gekleur en die skanse swart. Die skild was oorspronklik, soos die meeste skilde destyds, hartvormig. Die huidige vorm, wat baie populêr was, het in die tweede helfte van die 14e eeu daaruit ontwikkel.


In die jaar 1248 n.C. het die destydse koning van Frankryk, Lodewyk IX, ook St. Louis genoem, besluit om 'n Kruistog na Palestina te onderneem. Kruistogte om die Heilige Stad vir die Christendom te verower, was toe aan die orde van die dag. By Acre aan die Palestynse kus, 80 myl vanaf Jerusalem, was daar 'n bloedige slag waarin die Malans hulle sodanig onderskei het dat Lodewyk IX hulle die vergunning gegee het om die drie goue lelies, die fleur-de-lis van die Bourbons van Frankryk, op 'n koningsbloue band op hul skild te plaas. Sodoende het hy hulle tot die adel verhef. Soos op die seël aangedui, is hierdie toekenning in 1250 gemaak.

Dit was in hierdie dae van die Kruistogte dat familiewapens hul finale beslag gekry het. Kruisvaarders het begin om die helm bokant die skild by te voeg. Die eerste sodanige toevoeging wat bekend is, was in die jaar 1198.[2] Daarna het die gewoonte ontstaan om hul mantel oor die skild en helm te hang om dit teen roes te beskerm. Die krulle bo en om die wapenskild dui die mantelflappe aan wat dieselfde basiese kleure as die wapen gehad het.

[1] Fox-Davies p. 17.
[2] Fox-Davies p. 326.



Deus Arx Mea



Die silwer helm in 'n oop posisie en met 5 balkies voor die gesig bo-op die Malan-skild, dateer ongeveer uit die end van die 15e eeu, en die wyse waarop dit bo-op die skild rus, nl. in profiel, dui ook daarop dat die persoon nie net 'n landheer of 'n ridder is nie, maar van die hoogste adel.[1]

Gewoonlik is bo-op die helm 'n louerkrans aangebring wat gevleg is in die kleure van die mantel en wapenskild en waarop die diersimbool direk volg. Indien daar 'n kroon ook is, val die louerkrans weg.[2]

Op die Malan-wapen verskyn egter altwee. Bo-op die louerkrans is die kroon van 'n Franse baron. Uit die kroon kom dan die figuur van 'n halflyf-perd in 'n regop houding. Die perd en die leeu, soos die arend in een of ander vorm, was van oudsher 'n baie populêre byvoeging, maar het in die meeste gevalle geen spesifieke betekenis nie.

Die leuse van 'n familie vorm tradisioneel deel van die wapen, maar kon nooit in enige Heraldiese kantoor geregistreer word soos met die wapen die geval was nie.

Die Malan-wapen wat hier afgedruk is, is in alle opsigte dieselfde as die een waarvan die beskrywing[3] in 1780 deur die Nobiliaires van Frankryk en Turyn aan Alexandrè de Mèrindol Malan bevestig is in Genéve.

Die afdruk is verkry uit Allen Loxton se boek waarin die skrywer sê:

> „By die versameling van gegewens uit amptelike en oorspronklike bronne is alles waaromtrent die minste twyfel bestaan het, verwerp; geen verklaring is aangeneem tensy dit deur historiese dokumente gestaaf word nie. Veral wat betref die wapen-ontwerpe is die grootste noukeurigheid beoefen, want hierdie boekie het verder ten doel om in 'n mate die kwaad wat reeds gedoen is, deur wapen- en stamlysvervalsers, teen te werk . . . "[4]

Daar bestaan ook 'n Malan-seël wat blykbaar noodsaaklik geword het deurdat die Malans in Mèrindol belangrike openbare betrekkinge beklee het—soos in hoofstuk II aangedui. Dit is byna dieselfde as die wapen met die verskil dat die geheel afgerond en die nodige inskripsies aangebring is nl.: SIGIL MALAN DE MÈRINDOL — 1250 — DEUS ARX MEA.

Die reg op hierdie wapen- en seëlontwerp word natuurlik bepaal deur die gewone wette waaraan die wapenkunde onderhewig is.

In weerwil van die bogenoemde is daar nog nie absolute sekerheid verkry oor die juistheid van al die détail op die Malan-wapen en -seël nie. Deskundiges is nog besig om in die Franse, Switserse en Italiaanse argiewe ondersoek in te stel. Die Malandag-komitee sal hopelik later nog meer besonderhede oor die wapen kan verskaf.

---

[1] Vgl. Grant, p. 92 en Fox-Davies, p. 303.
[2] Grant, p. 71.
[3] Beskrywing in H. V. de Mérindol Malan se boek.
[4] Loxton in sy „Voorwoord."

HOOFSTUK VIII

Slotwoord

DAAR is min families wat hul herkoms kan nagaan tot die tyd toe hul familienaam ontstaan het, maar daar is ook min mense wat die noodsaaklikheid daarvoor kan insien. Die feit bly egter staan, dat die mens wat sy afkoms en familiegeskiedenis ken, 'n aangebore trots het om die goeie naam hoog te hou. Dit is juis daardie agtergrond wat vir hom 'n inspirasie bly en aanmoedig tot hoër ideale en nuttiger en beter burgerskap.

Ons voorvader het as landbouer en gewone burger sy lewe aan die Kaap begin. Sy nasate was, en is meestal goeie, eerbare en Christelike mense van wie baie presteer het. Miskien was dit juis moontlik omdat hulle voorvaders gelouter was deur meer as 'n tien eeue van verguising en vervolging.

Mag ons die stoere voorgeslagte wat alles feil gehad het vir hul geloof, altyd eer en bewonder vir hul koersvastheid, vasberadenheid en ander deugde. Hul lewens kan vir ons 'n inspirasie wees en 'n aanmoediging tot standvastigheid en 'n edele strewe tot meer toegewyde diens aan volk en vaderland. Hulle het probeer diens lewer aan hul medemens, en hul lewenswandel was 'n versinnebeelding van hul leuse—Deus Arx Mea—God is my Vesting!

In ons Gedenkboek is veral melding gemaak van diegene wat in die verskillende sfere van die lewe kon presteer. In die besonder kom ons lof en dank toe aan al die Malans wat die gewone alledaagse pad van die lewe—die pad van swoeg en swaarkry—bewandel en met toegewydheid die taak verrig wat hulle beskore is.

Mag die Malan-saamtrek ons as familie hegter saamsnoer; 'n dieper gevoel van dankbaarheid en nederigheid aanwakker; 'n groter mate van toegewydheid laat ontstaan en ons ernstig laat strewe om, in watter lewensloopbaan ook al, ons beste te lewer, wetende dat ook ons aanspraak kan maak op ons leuse—God is my Vesting.

Dankbetuiging

Ten slotte 'n woord van opregte dank aan almal wat meegewerk het om hierdie werkie te laat verskyn. Die medewerkers was flink en hul entoesiasme ongedemp.

Dan ook wil ek my innige dank uitspreek teenoor die Malandag-komitee vir die geleentheid wat my gebied is om 'n groot deel van die gegewens, genealogies, biografies en histories, wat ek oor 'n tydperk van jare ingesamel het, te boek te stel. Dit was 'n eer om hierdie werk vir, en deur hulle toedoen, te kon opstel.

JACQUES MALAN.

Pretoria, 1951.

Register en Bylae

BYLAE I.

Register van geraadpleegde werke

Afgesien van die oues van dae wat die opsteller besoek het, persoonlike navorsing en die hulp van baie vriende en belangstellendes, is nuttige gebruik van die volgende literatuur gemaak:—

1. Botha, C. G.—*Die Kaapse Hugenote.* (Kaapstad 1939.)
2. Cloete, Bettie—*Die Lewe van Senator F. S. Malan* (Johannesburg 1946).
3. De Villiers, C. C.—*Geslacht-Register der Oude Kaapsche Familien, deel II.* (Kaapstad 1893.)
4. Franken, J. L. M.—*Piet Retief se Lewe in die Kolonie.* (Kaapstad 1949.)
5. Fox-Davies, A. C.—*A Complete Guide to Heraldry.* (London 1925.)
6. Grant, F. J.—*The Manual of Heraldry.* (Edinburgh 1948.)
7. Kannemeyer, A. J.—*Hugenote Familieboek.* (Kaapstad 1940.)
8. Krige, J. D. A.—*Die Franse Familiename in Suid-Afrika* (*van vòòr* 1800) *Etimologies verklaar.* (Kaapstad 1936.)
9. Loxton, A. G.—*Die Afrikaner Voorgeslag met Familiewapens.* (Kaapstad 1933.)
10. Malan, A. N.—*Solomon Caesar Malan, D.D., Memorials of his Life and Writings.* (London 1897.)
11. Malan, C.—*The Life, Labours and Writings of Caesar Malan.* (London 1869.)
12. Malan, H. V. de Mèrindol—*The Malan de Mèrindol.* (London 1863.)
13. Malan, F. S.—*Die Geheim van 'n Ideale Huwelik.* (Kaapstad 1928.)
14. Nienaber, P. J.—*Bibliografie van Afrikaanse Boeke, I, II en III.*
15. Preller, G. S.—*Voortrekkermense No. I.* (Kaapstad 1918.)
16. Theal, G. McCall—*Willem Adriaan van der Stel and other Historical Sketches.* (Kaapstad 1913.)
17. Thom, H. B.—„*Dr. Malan se Familie*"; *Die Huisgenoot*, 25/5/51.

En van die volgende uitgegewe argivale bronne:—

1. *Kaapse Archiefstukke, Deel I.*
2. Leibbrandt, H. C. V.—*Precis of the Archives of Cape of Good Hope: Requesten* 1715-1806. *Deel II* (*F.-O.*).
3. Leibbrandt, H. C. V.—*The Rebellion of* 1815.
4. Spoelstra, C.—*Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsche Gereformeerde Kerken in Zuid Afrika.* (Amsterdam 1906.)
5. *Transvaalse Argiefstukke, Deel I.*

En van die volgende onuitgegewe argivale bronne:—

1. Die Privaatversameling briewe van mnr. J. H. Malan van Senekal, O.V.S. (Openbare Biblioteek, Kaapstad.)

By verwysinge en aanhalinge word, waar enigsins moontlik, slegs die skrywer se naam genoem om die bron waar die gegewens gevind kan word, aan te dui.

BYLAE II.

Vernaamste boeke en geskrifte deur Suid-Afrikaanse Malans

A. F. MALAN (Ds.) ... ... *Pronkduiwe.* „Ons Stokperdjiereeks" nr. 2. (Johannesburg 1951.)

A. L. MALAN ... ... (en J. W. van Lint). *Key to Juta's Practical Afrikaans Grammar for Teaching and Self-study, for the 11th and subsequent Editions.* (Kaapstad 1946.)

A. L. MALAN ... ... (en J. W. van Lint). *Our Afrikaans Companion.* (Kaapstad 1946.)

A. V. MALAN ... ... *Tweetalige Atlas-oefeningboek/Bilingual Atlas Exercise Book.* (Kaapstad en Johannesburg 1951.) Ongepubliseerd.

BETTIE CLOETE (geb. MALAN) *Die Lewe van Senator F. S. Malan.* (Johannesburg 1946.)

C. J. MALAN ... ... *Die Drie Hekse.* (Kaapstad 1948.)

D. F. MALAN (Dr.) ... ... *Dit is ons Ernst: een voorlesing gehou in verband met di Stellenbosch-tak van di A.T.K.V. op* 13 *Augustus* 1908. (Kaapstad 1908.)

Wat ons het, hou ons: toespraak gehou op Saterdag, 21 *Augustus* 1920 *op Worcester.* (Kaapstad 1920.)

Die Groot Vlug: 'n nabetragting van die Arm-Blanke-Kongres, 1923, *en van die offisiële sensusopgawe.* (Kaapstad 1923.)

Naar Congoland. (Stellenbosch 1931.)

Is die ooreenkoms verbreek? (Kaapstad 1934.)

Staan bymekaar: Dr. D. F. Malan oor basis en program van aksie. (Kaapstad 1934.)

Die Groot Beslissing: die Afrikanerdom en die kleurvraagstuk. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party. (1938.)

Die Nuwe Groot Trek: Suid-Afrika se noodoproep: dr. D. F. Malan se rede op Bloedrivier, 16 Desember 1938. (Kaapstad 1939.)

Opmars na die Republiek. (1942.)

Die volmaakte leierskap van Christus. „Studentereeks," nr. 1. (Stellenbosch 1945.)

D. G. MALAN (Prof.) ... *Die Bergrede.* (Stellenbosch 1936.)

DOROTHEA MÖLLER-MALAN *Hes.* (Bloemfontein 1944.)

Hes se Oorwinning. (Bloemfontein 1946.)

Ek sal dit Vergelde. (Bloemfontein 1950.)

E. C. MALAN ... ... (en R. J. Alison). *One Thousand Phrases and Expressions (English-Afrikaans) for the use of English-speaking students.* (Kaapstad 1948.)

ESSIE MALAN (Mev. B. F. Barnard). *Deur 'n geleende Bril.* (Kaapstad 1926.) 2de druk, 1930; 3de druk, 1934; 4de druk, 1938.

F. J. BERNING MALAN (Ds.) *Ons Protestantse Erfenis.* (1942.)

Die Lewe van onse Here Jesus Christus. (Stellenbosch 1944.)

Handboek en Beknopte Inleiding op die Nuwe Testament. (Kaapstad 1950.)

Vertalings:

